# *ABRAHAM SE VERBOND BEVESTIG*

Dankie, Broer Sullivan. Julle kan maar sit.

2 Goed om weer uit te wees by die huis van die Here, vanaand, hierdie plek wat daardie doel dien. En ek is baie dankbaar vir hierdie geleentheid om weer te preek, vanaand.

3 Gisteraand het ons 'n uitermatige, oorvloedige wonderlike tyd gehad, ék het in elk geval. Die Here het Sy seëninge op my uitgestort, totdat ek—ek nie die helfte van die nag kon slaap nie. En toe het Hy, ek het 'n artikeltjie gelees, iemand het vir my 'n brief geskryf, en 'n klein stukkie in die koerant gestuur, en die Here het my 'n—'n besondere gedagte daaroor gegee. As Hy gewillig is, wil ek dit môremiddag vertel, net hier by die . . . preek daaroor môremiddag, in my middagdiens.

4 Nou, ons het, die rede waarom ons het, die *middag* diens het . . . Nou, Broer Sullivan het my uitgenooi om gemeenskap te hou met sy mense, en julle mense hier, en hy het dit oopgemaak in die wapenkamer, sodat dit nie heeltemal in sy kerk sou wees nie; ek dink dis baie bedagsaam. Dink julle nie so nie? Baie broederlik.

5 Nog iets wat ons besluit het, wat ons gedink het dit sou lekker wees as ons nie 'n Sondagaanddiens het nie, sodat julle mense nie enige van julle gewone dienste sou mis nie. Julle kon Sondagskool hê, en dan ook Sondagaanddiens hê. En party van julle lidmate van die kerke, ek—ek wens dat julle dit vir julle pastoor wil sê, as hy nie in die diens is nie, dat dit die rede is waarom ons dit doen. Ons is nie hier om te probeer—om die—die saak van Christus te hinder nie, ons is hier om die saak van Christus te probeer help, probeer om alles te doen wat ons kan om saam te werk op elke manier wat ons kan om die mense te help.

6 En in plaas daarvan dat Broer Sullivan net sê: "Wel nou, ons sal dit net by my kerk hê," wel, het hy dit in die ouditorium gesit, en sodat almal kan sien dat dit geen selfsugtige motief was nie.

7 En dan, in plaas van om dit op Sondagaand te hê, maak ons dit Sondagmiddag, wat altyd 'n kleiner skare is op Sondagmiddag, as wat dit Sondagaand is. Maar ons—ons is nie hier vir geld nie, ons is nie hier om te sien hoeveel mense ons kan lok nie, ons is net hier om ons deel te probeer insit vir die Koninkryk van God, om almal te help, dis waarvoor ons hier is.

8 Nou, hierdie is van die rekord af, en Broer Sullivan weet nie dat ek dit weet nie, maar ek weet, tot op hierdie tydstip, kort hy die finansies van die diens. Nou, môremiddag sal nie 'n liefdesoffer wees nie, dit sal 'n onkoste-offer wees. En as die uitgawes nie môremiddag gedek word nie, sal ek huis toe skakel, onmiddellik, na die kerk, en ons sal elke pennie daarvan afbetaal voor ons hierdie stad verlaat. Daar sal niks oor wees nie, geen skuld wat ons agterlaat nie. Ons nie dek nie, nie die uitgawes môremiddag dek in die liefdesoffer nie. . . Maak julle dit 'n liefdesoffer vir die Here Jesus in plaas van vir my, sodat dit kan gaan om die skuld te betaal.

9 Nou, Broer Sullivan sou dit self betaal, maar hy gaan dit nie doen nie. Nee, ek gaan hom dit nie laat doen nie. Nee, ons—ons gaan dit self doen. En dan as daar nie genoeg is om die—die diens te voltooi nie, dan sal ek uitvind, en ons sal die geld hierbo van ons eie kerk by Jeffersonville oordra om die skuld te dek, om die. . . sodat alles betaal is, die stoele, die ouditorium, en die advertensie, wat dit ook al daarin was, ons sal dit alles betaal, om te sien dat dit betaal word. Dit sal niks—niks—niks minder as reg wees teenoor die, teenoor Broer Sullivan, en die mense nie.

10 Nou, as julle sou, ek wens dat julle sou, as julle pastoor nie hier is nie, as julle die kerk sou uitnooi om môremiddag uit te kom, sal dit 'n profetiese boodskap wees dat ek dink dat, lyk vir my asof die Heilige Gees op my hart gelê het, na die lees van 'n artikel vandag, dat ek daardie boodskap moet bring, môre.

11 En nou, dan die volgende dienste wat ek het, sover ek weet, is Paassondag by die tabernakel, waar daar doopdienste sal wees, ensovoorts. Dan gaan ons na Bloomington, Illinois. Broer Sullivan het my genooi om 'n paar dae van volgende week te bly, as ek kon, ek's net te moeg om dit te doen, vriende. My keel is hees, ek—ek is net, ek was in dienste van Kersfees af, sien, en ek is regtig, regtig moeg, en sien uit na hierdie drie, of vier, of vyf dae, wat dit ook al daar is, om—om te rus.

12 En ek kan nie by die huis bly om dit te doen nie, ek sal net iewers moet uitgaan en rus, want ek het Sondag tot Sondag; en dan gaan ek van daar af na Chicago, Sondag tot Sondag; en dan van daar na—na Grande Prairie, Brits Colo-. . ., of, Alberta; en van daar na—na Dawson Creek, Brits Colombia; en miskien, Fort St. John, aan en aan; en onder in Miami, Florida; en miskien hier by Washington, DC, hierdie somer in 'n groot tent, as die Here wil.

13 Die Sakemanne daar het 'n boodskap gestuur, nou die aand, so lieflik, toe ons in Richmond was het die Sakemanne van Washington, DC vir my 'n spesiale brief gestuur dat die diens wat ons daar gehad het daardie aand, een aand, ek glo dit was in die Kongressaal, of—of een of ander saal daar in Washington, hulle wil, weer terugkom en 'n yslike groot tent opslaan, en hulle

het gesê as ons nie die uitgawes gedek het onder by Richmond nie, wel, sou hulle net niks daaroor sê nie, hulle sou dit self dek, die Christen Sakemanne.

14 Nou, dis om regtig by jou te staan, maar die Here het ingekom, en ons het die uitgawes gedek, alles, alles het reg verloop by Richmond, so ek mag soontoe gaan, as dit dan nie vir 'n diens is nie, dan net vir die gemeenskap van daardie kosbare broers, by wie jy staan in—in tye soos daardie.

15 Nou, maar onthou beslis môremiddag, as . . . dit sal, ek reken Broer Sullivan het alreeds gesê, twee-uur begin. En sê, terloops, as ons—as ons nie . . . Ek dink hulle het 'n paar kaartjies uitgegee gisteraand, ek dink Billy het vir my gesê hulle het gisteraand kaarte uitgegee, nommer A's, en ek het te laat geraak om hulle hier te roep—op te roep om vir hulle te bid, ek sal hulle vanaand probeer kry, as ek kan, as ek nie kan nie, sal ek hulle beslis môre kry.

16 En ek sal hom môre laat afkom, en in die middag, kan ons aanhou oorgaan, oor, oor, 'n bietjie later as ons moet. Sê ons gaan vieruur in, wel, ons kan oorgaan na vyf, en ons kan vir almal laat bid. En dan as hulle gaan . . . As julle nou enige siek mense het, waarvoor julle wil hê ek moet bid, ek het 'n baie vreemde gevoel oor 'n paar dinge, so julle beter hulle môre hier hê. Sien? En so mag dit na 'n rukkie wees, dat julle my nie meer sal hoor nie, so as julle wil hê ek moet vir julle geliefdes bid, bring julle—julle hulle dan môremiddag, julle sien. En—en dan sal ons vir hulle 'n gebedskaartjie gee.

17 As hulle by twee begin, beter julle hier wees kwart oor een, of een dertig, ten minste, julle sien. En ek sal Broer Leo, Gene, en Billy, en hulle laat afkom en die mense hulle gebedskaartjies gee, wat ook al jy . . . enigiemand wat 'n gebedskaartjie wil hê. En julle ken die stelsel, hoe ons hulle doen, ons, môre, gee ons hulle waarskynlik net uit, want ons gaan net probeer om te sien hoeveel van die mense siek is wat voor gebid wil word.

18 Nou, voor ons enigsins verder gaan, kom ons praat met ons groot, koninklike Meester, die Here Jesus, in Wie ons ons oneindige vertroue in Hom en Sy wonderlike genade het. Hoeveel wil graag onthou word in gebed? Laat dit net bekend word deur 'n opgeligte hand. Die Here seën julle, my mense, terwyl ons ons hoofde buig.

19 Ons Allerheiligste en Regverdige God en Vader, ons kom in U Teenwoordigheid in, vanaand, met nederige harte en—en geeste wat gereed en gewillig is om van U Boodskap te ontvang. Ons wil U vra om ons te salf, Here, om hierdie hoofstuk oor Abraham te voltooi, en sy kinders na hom. Ek bid dat U die boodskap sal seën vanaand, en die boodskapper, en diegene wat dit ontvang. Ontvang Self die eer, en as dit U wil is dat ons vir die siekes bid, mag daar 'n uitermatige, oorvloed van vreugde en krag onder ons

wees, vanaand. Red hulle wat nie gered is nie, genees hulle wat nie genees is nie, vul met die Heilige Gees diegene wat U krag en seëninge verlang, wees ons almal genadig. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

20 Ek glo die kêrels het 'n boekie hier uitgegee, ek dink word genoem, o, ja, die Christen Sakemanne se *Stem*. Hoeveel het dit? Dis goed. As julle dit nie het nie, kry dit vanaand soos julle uitgaan.

21 Gene, ek wonder of ek jou kan vra, of iemand, die kêrels by die deure kan kry, waar hulle ook al uitgaan, of iemand. Waarvoor verkoop hulle hulle? Hulle is tien sent?

22 As jy nie die tien sent het nie, neem dit in elk geval, ek sal daarvoor betaal, sien. Ek wil hê julle moet hierdie getuienis hier lees, van die visioen. Net, ek wil hê elke persoon hierbinne moet een hê. As jy—as jy nie kan nie, wel sit jy hulle net op my rekening. En almal moet seker maak om een te kry, vanaand. Hulle is—hulle is die *Stem* van die Christen Sakemanne.

23 En hulle het 'n visioen daarin geskryf wat die Here my onlangs gegee het, en dit het net my hart laat ontvlam. Ek. . . Hulle het dit nie alles hierin nie. Broer Tommy Hicks, of, Tommy, kan nie aan sy naam dink nie, die redakteur, net nou, Nickel (Dankie, Broer Gene.), Broer Tommy Nickel het dit geskryf, maar hy—hy het dit nie alles daarin gesit nie, maar dit was. . . Hy het nooit daar ingesit van toe ek gesien het my, ek dink nie daarin gesit, in elk geval nie, van om my hond te sien, en my perd wat na my toe gekom het nie, julle sien. Ek dink, miskien word dit bevraagteken onder mense wanneer hulle dink aan diere wat in die Koninkryk is, maar hulle is.

24 Waar is daardie perde wat gekom het, Elía kom haal het? Waar is daardie een waarop Jesus kom, aangery kom, die leërskares van die Hemel? Sien? Wanneer gaan die wolf en die lam saam wei? Sien? Sekerlik. Hulle dink net. . . Ons kry net ons bepaalde idees, en—en as iets nie daarby inpas nie, wel dan, wil ons net niks daarmee te doen hê nie; dis wat die probleem is. Maar, dit is, egter alles reg. En daar's genoeg daar. . . En dan let julle op onder aan die onderkant, het dit. . . Het julle die klein, klein insetseltjie aan die onderkant gelees, oor die opwekking van die dooies?

25 Nou onthou, voor jy enigiets publiseer, moet jy dit kan bewys. So ons het gedokumenteerde verklarings van dokters, burgemeesters van die stad, ensovoorts soos daardie, dat dokters hulle dood verklaar het, en weg was vir soveel as agt en tien uur, en weer begin lewe het, deur gebed; so dis 'n gedokumenteerde verklaring. Hierdie boek gaan regoor die wêreld, en vertaal in verskillende tale, en alles, net soos 'n *Reader's Digest*, onder die Christenmense, en dit moet eg wees, en jy moet daardie dinge bewys wanneer jy hulle sê. Jy moet wees. . .

26 So die een wat hulle bewys het was, voor hy dit kon skryf, was daaronder in Mexiko, omtrent drie jaar gelede toe ek daaronder was, en daardie Spaanse vroutjie, wat daardie babatjie vasgehou het wat daardie oggend om nege-uur gesterf het, en die Here het dit weer opgewek teen tienuur daardie aand in die diens, en het onder daardie kombers geskop. Daar gestaan, dertigduisend mense, omtrent, wat net gestaan het, teen mekaar geleun van vroeg daardie oggend af, heeldag in die reën, en alles, net om die Evangelie te hoor. So, mense soos daardie is. . . God sal uitermatige oorvloed doen vir mense wanneer hulle bymekaar kom soos daardie, en sal glo, en hulle harte verneder voor God.

27 Nou wil ek daardie Skrif lees wat ek gisteraand gelees het, want ek wil daardie selfde onderwerp voltooi; en ons sal nie lank bly vanaand nie.

28 Nou, julle besoekers, hier, julle weet waar die Volle Evangelie Tabernakel is, waar Broer Sullivan pastoor is? Goed. Dis 'n goeie plek om na toe te gaan in die oggend. Julle naby enige van hierdie ander Volle Evangelie kerke woon hierrond, dis 'n goeie plek om na toe te gaan om die Woord van die Here te hoor. So nou, woon Sondagskool iewers by, môre. Laat net julle kleure wapper, en bly op julle pos.

29 Nou ek glo ek lees uit Génesis, die 22ste hoofstuk, en die 14de vers:

> *En Abraham het* die *plek Jehova-Jireh genoem: soos daar gesê is* tot *vandag toe: Op die berg van die Here sal dit gesien word.*

30 Die rede waarom ek die Skrif lees, is omdat, as wat ek sê nie 'n impak het nie, sal wat Hy gesê het, beslis 'n impak hê. My woord is die woord van 'n mens, dit sal faal; God se Woord is Sy Eie Woord, en Dit kan nie faal nie.

31 En die woord *Jehova-jireh* beteken: "die Here het vir Homself 'n offerhande voorsien."

32 Nou, gisteraand, het julle daardie les daaroor geniet gisteraand? My seun, Billy, wat nou agter in die gebou is, hy gaan daar agtertoe om te luister om te sien of hy kan hoor, hy het gesê dis baie, baie onduidelik jy weet, jy—jy kan nie goed hoor nie. So dis waarom, in plaas van om te preek, het ek net gedink ek sou soort van 'n rukkie oor die Woord praat, en miskien kon julle 'n bietjie beter hoor.

33 Sien, hierdie wapenkamers soos hierdie, plat geboue, is nie gemaak vir dienste soos hierdie nie, hulle is vir basketbal, en oefening, die plafon is nie reg gemaak nie, die akoestiek is baie, baie swak. Maar ons is dankbaar teenoor die Verenigde State Weermag vir die voorreg om 'n skuiling oor ons te hê vanaand, en om in hierdie plek in te kom, en ons bedank hulle baie vriendelik, die Here seën hulle altyd.

34 Nou, ons het Abraham gisteraand geneem, en Abraham se Saad na hom. En, o, wat 'n seëning het ons gewys! En, vir my, hoe kan enigiemand enige ruimte vir twyfel hê op enige manier, wanneer jy sien wat God belowe, en dan wat God gedoen het? Dis net soos om die Bybel te lees, waar Dit voorspel iets sal gebeur, dan die geskiedenis te neem en sien waar dit gebeur het.

35 Nou, God het gesê dat Hy Abraham en sy Saad na hom sou seën met hierdie seëning en belofte. En ons vind uit, net presies, dat elke stadium wat God Abraham besoek het, Hy dieselfde ding gedoen het met Abraham se Saad na hom.

36 Waar het ons onsself dan gisteraand bevind, broers? Ons het onsself heel aan die einde van die pad bevind, reg onder by die laaste ding, en die Kerk wat Sy laaste teken ontvang, en toe om dit alles te seën, het Hy onder ons ingekom, gisteraand, en deur die gehoor gegaan en dieselfde ding gedoen wat Hy by Sodom gedoen het. Waar kan daar enige fout wees? Waar kan ons verkeerd wees?

37 Toe die aand tevore, het ons Israel in die wildernis ingeneem, en net presies gewys wat die kerk, Israel. . . Nou, ons vind uit in Een Korinthiërs, die 10de hoofstuk, het Dit gesê dat al daardie dinge met Israel gebeur het as voorbeelde vir ons. Nou, ons vind uit dat hulle voorbeelde was, wat wys wat God vir hulle gedoen het, net 'n skaduwee was van. . . wat Hy daar doen, wat Hy gedoen het, natuurlik, doen Hy geestelik.

38 Julle let op in die Bybel, die 12de hoofstuk, die vrou in die 12de hoofstuk van Openbaring, met die maan onder haar voete, en die son by haar kop, wat die wet wys wat vervaag. Sodra die son opkom, gaan die maan onder; die maan is 'n vrou van die son. O, ek—ek hou van daardie soort Bybelvoorlesing!

39 Sien, die son en die maan is 'n tipe van Christus en die Kerk. Wanneer die son ondergaan, uit sig, is dit nie onder nie, dis net uit sig van die wêreld, dit weerkaats sy lig terug na die maan om lig te gee in sy afwesigheid. So dis wat Christus gedoen het toe Hy in die Heerlikheid ingegaan het, Hy weerkaats Sy Lig terug op Sy Kerk, om Lig te gee totdat Hy terugkeer. Pragtig! O, goeiste, om te dink dat die son, as julle wil, sy lig weerkaats op die—die maan om lig te wys! En die lig. . .

40 Ook, die maan self is 'n waghond, God het die grense van die see gestel, en die maan opgestel om dit dop te hou. En die see, hoe verwoed dit na die oewer spring, dit sal graag alles op die aarde vernietig, want dit het eenkeer, julle weet.

41 En om sonde te sien ophoop, dis die golwe, daardie groot golwe wat teen die wal slaan. En onthou, in die laaste dae is vloedgolwe voorspel, see wat dreun, mense se harte wat ingee, vrees, verwarring van nasies, benoudheid; dit sou die eindtydtekens wees, ons het deur dit alles gegaan, langs die pad. Nou hier is ons, reg tot by die laaste teken aan Abraham se

kinders, en het selfs die name van die boodskappers ingebring, net soos dit was in Abraham se tyd, om te wys daar's geen fout nêrens nie, Bybel, SO SPREEK DIE HERE.

42 En dan sit die kerk dood, balspeletjies, besienswaardighede van die stad, en die wêreldse dinge het die kerk heeltemal weggelok. Die Bybel het gesê hulle sou roekeloos wees, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, wat 'n vorm van godsaligheid sou hê. Hotelkamers vol dronkaards, jy kan nie eers slaap nie, Sondagskoolonderwysers, mense wat kerk toe gaan, kerklidmate, wat 'n bietjie "skoon, Amerikaanse pret" het. Sondig! O, hierdie ou wêreld steier soos 'n dronk man wat in die oggend huis toe kom.

43 Wat het gebeur? Toe al hierdie sondes begin word soos daardie in die dae van Sodom, vroue, half nakend, wat deur die kamers van die hotelle gehardloop het, en mans, dronk, agter hulle aan (Dit is nie êrens op 'n ander plek nie, dis hier.), en wat gebeur dan? God het gesê: "Ek het afgekom om uit te vind of al hierdie gerugte waar is."

44 Die ware kinders wat uitroep: "Kom, Here Jesus!" Miskien een in 'n stad. Soos ons nou die aand gevra het soos die Heilige Gees vir ons gesê het in die Bybel, "Seël net diegene wat sug en steun oor die gruwels in die stad." Waar sou hulle verseël word? Waar is die verseëling van die mense? Laat ons nie mislei word nie, laat ons reg wees.

45 Soos die ou swarte gesê het, eenkeer: "Ek het vir die Here gesê ek wil dit nou met Hom uitklaar, want ek wil nie enige probleme by die rivier hê nie." Dis reg, vriende, ek wil nie enige probleme by die rivier hê nie. Jy weet nie watter uur jy by daardie rivier kom nie, jy mag daar wees binne die volgende vyftien minute, jy mag daar wees voor daglig, maar daar's een ding seker, jy kom daar, so jy beter nou seker wees.

46 God doen nie hierdie dinge net vir speel, vir verhoogopvoerings nie, Hy doen dit tot Sy glorie en Sy eer, omdat Hy belowe het Hy sou dit doen. Laat ons nie ligtelik daarna kyk nie, maar eerbiedig, verstandig, en nugter. Kom na die Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, bely jou sondes en jou ongeloof, vra God om jou genadig te wees, as 'n sondaar, en jou te red om Christus ontwil.

47 Partymaal kom mense in die kerk in, en sê: "Ek hoef dit nie te vra nie. Ek het alreeds . . . " O, ondersoek jou lewe, vriend, kyk hoe jou geloof vergelyk met die Woord. Onthou, daardie Fariseërs het nie gedink hulle het verlossing nodig gehad nie, hulle was heilige, toegewyde manne, hulle was predikers, hulle vaders was predikers, hulle oupas, hulle oupagrootjies, hulle oor-grootjies, almal van hulle was predikers, so 'n lewe gelei dat een punt teen hulle, hulle gestenig kon word daarvoor. Die Skrifte geken?

Volmaak geken, en Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel."

48 Hou God dop, Hy het hulle die teken van die Messias gewys, en hulle het dit nie geglo nie, hulle het gesê: "Hy's Beëlsebub, 'n fortuinverteller." So slim, en so geleerd, en sulke toegewyde lewens soos wat hulle gelei het, en tog was hulle sondaars. Hoekom? Hulle het nie owerspel gepleeg nie, hulle het nie sigarette gerook nie, hulle het nie dronk geword nie, hulle het nie na danse toe gegaan nie, hulle het nie kaart gespeel nie, maar hulle het nie geglo nie, dis waarom hulle sondaars was.

49 Dis waarom ek dit op Pinkster werp vandag. Maak nie saak hoeveel jy in die Gees dans en in tale praat nie, ek glo daarin, maar jy kan in tale praat soos om ertjies op 'n droë beesvel uit te gooi, en steeds verlore wees. Reg. Jy het nooit eers die . . . Ek het toordokters gesien wat in tale praat en dans in die gees, bloed uit 'n menslike skedel drink, en die duiwel aanroep, dans in die gees, en praat in tale, en so hard skree as wat hulle kan skree, sekerlik, kan nie daarvolgens oordeel nie.

50 As jy nog steeds nie God se Woord glo net soos Dit geskryf is nie, is jy 'n ongelowige, 'n sondaar. God kom af en voer Sy Woord uit, en laat Dit manifesteer, en wys Dit letter vir letter, waar niemand Daarteen kan opstaan nie, God staan Self Daarvoor, dan loop hulle weg as gevolg van een of ander geloofsbelydenis, geen wonder ons is verdoem nie. Maar kan jy dit stop? Iemand het vir my gesê, nou die dag: "Kan jy dit stop?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

Hy het gesê: "Wel, wat doen jy . . . ? Hoekom bly jy nie stil nie?"

51 Ek het gesê: "Hoe kan ek stilbly? Ek kom na 'n Oordeel, my stem sal op die opname daar wees wat die hele geslag sal skraap." Ek kan nie stilbly nie. Wee my as ek stilbly! Het . . .

Ek het gesê: "Jy glo nie in sonde nie, glo jy?"

Hy het gesê: "Nee."

52 Ek het gesê: "Wel, waarom—waarom preek jy daarteen? Hoekom doen jy . . . ? As—as jy weet die wêreld gaan voortgaan in daardie chaos, waarom hou jy aan preek?" Ons moet 'n stem daarteen gee, moet; waarheid moet bekend gemaak word.

53 God is regverdig, Hy gee Sy waarskuwing. Waarom het Noag in die deur gestaan en preek toe Hy geweet het hulle kom nie in nie? Hy het die ark voorberei vir die redding van sy huisgesin, dis wat dit was, maar hy moes die Boodskap net in elk geval gee. God is regverdig, God het geweet hulle sou nie kom nie, Hy het geweet net presies agt siele sou gered word in die dae van Noag, net soos in die laaste, dieselfde as wat Hy hierdie geslag ken. Hy weet wie sal en wie nie sal nie, maar Hy—Hy weet dit was, dis

waarom Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Sien?

54 En ons weet ons lewe in 'n geweldige tyd, maar jy—jy is plig-. . .Jou—jou hart roep net uit, jy kan nie stilbly nie, jy moet dit sê.

55 Nou, kyk wat Hy aan Abraham gedoen het, na sy Saad gewys het, dan sal jy 'n begrip hê dat hierdie dinge nie na die groot senuweesentrums toe moet gaan nie. Die—die mense hier. . .Die meeste van die mense wat ek ontmoet, soek na een of ander yslike groot, wye, wêreldwye herlewing, wat verby is, ons is aan die einde.

56 Hulle soek na groot wonderwerke en tekens net omdat hulle nie die Bybel ken nie. Dis die twee profete van Openbaringe 11, wat die son gaan stop, Elisa en, of, Moses en Elía, dis nadat die Heidense Kerk klaar weg is. Dis reg. Sien, dis oorkant in die Joodse, wanneer God weer na Israel toe draai. Hierdie kerktydperk, lees Openbaring 1 tot 3 en dan sal julle dit kry, julle sien wat Hy vir die kerktydperk gee, die uitroep, die laaste teken was die verskyning van Elía weer op die toneel, by die laaste, eindtyd. En ons—ons is, weet dit, dat alles wat Hy gesê het net sal wees soos Hy dit gesê het.

57 Nou, ons vind uit dat waar Hy hom geroep het in die 3de. . . in die 12de hoofstuk van Génesis, en hom geregverdig het deur geloof, omdat Abraham God geglo het. Is dit reg?

58 Nou, ek sê nie dit. . .Nou, ek wil nie hê julle moet dit weer aanhaal onder julle mense nie, maar julle sien, alles in die Bybel beweeg in drie, 'n *drie*, wat *een* maak. Nou, soos in die—die Bybel, is dit hierin geskryf dat. . .Julle weet God het drie Bybels geskryf. Glo julle dit? Hy het een in die lug geskryf, een in die piramide, die ander een op papier. Nou, ons weet dat hulle 'n ouija-bord van die piramide maak; hulle maak 'n ouija-bord van die Diereriem; hulle maak 'n ouija-bord van die Bybel, maar dit keer nie Sy waarhede nie, Sy waarhede is net presies dieselfde.

59 Nou, as julle oplet in die Diereriem, wat is die eerste figuur in die Diereriem? Is die maagd. Wat is die laaste figuur in die Diereriem? Leo die leeu. Die eerste koms, en die tweede koms van Christus, Hy het die eerste keer gekom deur die maagd, kom die volgende keer die Leeu van die stam van Juda, dan die gekruisde visse, die kankereeu waarin ons nou is, net voor daardie tyd plaasvind.

60 Ons hou die piramide dop, dit is soos *hierdie* gebou. Maar julle let op, die hoofsteen is nooit op die piramide geplaas nie. Het julle ooit daaraan gedink? Het jy 'n dollarnoot in jou sak? Kyk wat dit sê: "Die Groot Seël," die piramide, en kyk bokant dit, die steen, die hoofsteen is nooit gevind nie. Hoekom? Die Hoofsteen is verwerp, Christus.

61 Kyk hieronder in die tydperk van Luther, regverdigmaking, baie plek hierbinne. Net om Christus te bely, het beteken dat jou kop afgekap is. Toe hulle uit die heidendom uitgekom het, om jou hoof te hê. . . jy sou tereggestel word vir die einste getuienis om te sê jy was 'n Christen, Luther. Wat het dit toe gedoen? Dit hoop nou op, na die minderheid, wat nader kom. Wat was volgende? Heiligmaking, dan is jy 'n fanatikus genoem, holy roller, of iets, dis Wesley se tydperk. Wat het volgende gebeur? Toe het die Pinkster gekom, die doop van die Heilige Gees, die, steeds het die Kerk kleiner geword in die minderheid. En nou, gaan dit aan totdat dit by so 'n volmaakte plek moet kom, tot wanneer daardie Hoofsteen uiteindelik kom, Dit so perfek sal pas, die Kerk sal wees, in so 'n—so 'n volmaakte toestand moet wees, tot, wanneer Christus kom, Hy reg Daarin pas. Reg.

62 So julle sien, net om in tale te praat, en te dans in die Gees, dis nog hier ver agter in die ry. Die Kerk-. . . En onthou, as jy ooit daar was, in Egipte, by die sfinks of die piramide, daardie klippe, daar ver bo in die lug, wat honderde tonne weeg, en so perfek aanmekaar gesit, dat 'n skeermeslem nie eens. . . geslyp tot 'n perfekte toestand, totdat dit absoluut perfek pas sonder sement.

63 Dis hoe die Kerk moet wees, so geslyp, die Woord wat die Kerk slyp, tot Christus kom om die Kerk te neem, die bediening, sal die Kerk dit reguit optel, en sal Luther, Wesley, Pinkster en alles oprig, en opgaan Daarmee, dis reg, om die Kerk op te neem.

64 Nou, toe, vind ons uit in regverdigmaking wat Hy gedoen het, was, aan Saad, of, aan Abraham, het begin met Luther, heiligmaking, die 15de hoofstuk, toe Hy die verbond deur bloed bevestig het, 17die hoofstuk het Hy die Heilige Gees gegee, die Pinkstertydperk, want, julle sien, al daardie ander elemente was iets buiten wat die Kerk van Hom ontvang het, wat Abraham van Hom ontvang het. Maar toe Hy gesê het: "Ek is El Shaddai," die bors, Abraham uitgenooi het om sy krag te kom drink uit die bors van God, die Lewe van God in homself in te drink, dis toe die Kerk die Heilige Gees gekry het, toe dit geproe het van die—die Lewe van God, toe Dit die doop van die Heilige Gees in Homself ingetrek het.

65 Wat het Hy toe gedoen? Net Skriftuurlik, soos ons dit gisteraand bewys het, met daardie selfde. . . Volg dit, God kan nie Sy Eie wette breek nie. Dis waarom Hy Sy Eie Seun geneem het, in 17de hoofstuk van Matthéüs, en Hom opgeneem het op die Berg van Verheerliking, en Hom in posisie geplaas het, soos Sy wet was; Hy het dit gedoen. En toe, toe Hy dit gedoen het, dan vind ons uit, het Hy Sy Eie wette gevolg, en hier het Hy Abraham op dieselfde manier geneem. En jy sê: "Is jy seker daarvan, Broer Branham, die 4de en 5de vers?" Ja, meneer.

66 Sien, toe Hy Abraham deel van Sy Naam gegee het, sy naam

in posisie op die tjek geplaas het, dieselfde as wat Syne was . . . Syne is *Elohim*, *Abraham*. Sien? Hom deel van Sy Eie Naam gegee. Is 'n groot openbaring daar, en julle besef ek kan dit verder as dit neem, maar die Kerk, wanneer Dit al vleis behoort te eet, drink nog steeds melk. Reg. So, Hy het hom Sy Eie Naam gegee, *Abraham*, en toe, toe Hy dit gedoen het, die volgende ding wat Hy gedoen het nadat Hy hom daardie naam gegee het, dit op sy naam geplaas het, wat het Hy toe gedoen? Hy het vir hom 'n teken gegee dat Hy gereed was om absoluut alle sonde te vernietig wat hom omring het, en sy liggaam posisioneel in 'n toestand geplaas om die beloofde Seun te ontvang waarop hy gewag het, presies wat Hy aan die Kerk gedoen het.

67 Wat was die laaste teken wat Hy vir Abraham gegee het? Het Sy rug gedraai gehad op die tent, en vir Sara vertel wat sy doen en dink binne-in die tent.

68 En Jesus, die ware Saad van Abraham, die ware, ware Profeet, die God-Profeet, wat na die aarde toe gekom het en dieselfde teken gemanifesteer het tot die einde van die Jode, dink daaraan, toe Hy na die aarde toe gekom het, wat het Hy gedoen? Hy het vir Simon gesê: "Jou naam is Simon, jy's die seun van Jona," 'n man wat nie sy eie naam kon skryf nie, en Simon het vinnig herken, deur die onderrigting van sy vader, dat die Messias 'n teken soos daardie sou hê, en hy het Hom herken en Hom ontvang.

69 Filippus, sodra hy dit gesien het, het gehardloop, vir Natánael gesê, en Natánael het langs die oewer afgekom saam met hom, en soontoe gehardloop waar Jesus was, en Jesus het na hom gekyk, en gesê: "Jy is 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

En wat het daardie ware, uitverkore, voorbestemde seun van God gesê? "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Gesê: "Geseënd is jy."

70 Dan gaan Hy af na 'n vrou in Samaria, want die Samaritane het gesoek na 'n, julle weet, hulle het gesoek na 'n Messias. Enigiemand wat soek na 'n Messias, sal Hy kom, as jy hier na Hom soek vanaand, sal Hy jou ontmoet. Maar as jy nie na Hom soek nie, sal Hy—Hy—sal Hy . . . soek Hy ook nie na jou nie, as jy nie na Hom soek nie, sal Hy nooit na jou toe kom nie. Maar die Samaritane het gesoek.

71 Nou, daar's net drie rasse mense op aarde, Gam, Sem, en Jafet se mense, Jood, Heiden, en Samaritaan, en die hele ras kom uit dit alles.

72 En nou, let op Petrus met die sleutels, om dit nou te bewys, Petrus met die sleutels van die Koninkryk. Hoeveel glo hy . . . God het vir hom die sleutels gegee? Jesus het, Hy het beslis. En wanneer het hy hulle gebruik? In Handelinge 2, vir die Jode. Toe reguit afgegaan na die Samaritane, hoewel Filippus afgegaan en hulle gedoop het in die Naam van Jesus Christus, maar hulle het nog nie die Heilige Gees ontvang nie, want Petrus het die sleutels gehad. Afgekom, sy hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

73 En dan, volgende, wat is die volgende geslag . . . die volgende klas? Die Heidene. En hy het opgegaan en die Evangelie vir die Heidene oopgemaak. En daarna, was daar nie meer 'n nut vir Simon Petrus se sleutels nie, want dit was alreeds oopgemaak vir die hele wêreld.

74 Nou, die Heidene het nie gesoek na enige Messias nie, maar die Jode en Samaritane het. Hoe het Hy Homself verklaar? Dieselfde ding wat Hy by Sodom gedoen het. Wat het Hy vir die Samaritane gedoen? Toe die vrou uitgekom het, die vrou met, die prostituut, wat na die put toe gekom het, of, die vrou wat in owerspel gelewe het, sy het ses mans gehad, vyf waarvan sy ontslae geraak het en toe saam met een gelewe het, en sy het by die put gekom om water te skep, en Jesus het haar gesien, en Hy het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink":

75 En sy het gesê: "Jy . . . nie die gebruik nie, ons is, het 'n segregasie hierrond. Jy's 'n Jood, en ek's 'n Samaritaanse vrou, Jy behoort my nie so-iets soos daardie te vra nie. Ons het niks met mekaar te doen nie."

Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

En die gesprek het voortgegaan totdat Hy met haar gees kontak gemaak het, toe het Hy gesê, Hy het gevind wat sy wou hê, Hy het gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie."

76 Sy het gesê: "Meneer," luister na hierdie vrou, nou hierdie is 'n Samaritaan, gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy ons hierdie dinge vertel." Dit moes die teken van die Messias wees.

En Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

77 En wat het sy gedoen? Sy het die waterpot laat val, en in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" En die Bybel het gesê die manne van die stad het geglo Jesus is die Messias, omdat Hy vir die vrou die dinge vertel het wat sy gedoen het.

78 Nou, wys julle eenkeer dat Hy dit met 'n Heiden gedoen het, Hy het nooit. Maar Jesus het gesê toe die Heidene, of... Die—die—die Fariseërs, en die predikers van daardie dag, gesê het Hy was van die verkeerde gees om dit te doen, dat Sy Evangelie nie waar was nie, want hulle...Hy het hulle kerke en hulle organisasies sleg gesê, hulle addergeslag en alles genoem, jakkalse, en alles waaraan Hy kon dink, Hy het hulle regtig uitmekaar geskeur.

79 Maar tog, het Hy gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke." Dis waar van enige mens, God nie sy bediening ondersteun nie, dan is dit nie God se bediening nie.

80 Let toe op, hierdie vrou, sy het gesê: "Kom, sien hierdie Man," en die mense van Samaria het daarin geglo, Hy het nooit weer een keer gedoen nie, Hy het dit net daardie een keer gedoen, maar die vrou was...het vir die mans gesê dat Jesus dit gedoen het. Tweedehands, deur die vrou, het die hele stad aan Jesus geglo, as gevolg van daardie een wonderwerk.

81 Ek wonder wat gaan met Amerika gebeur? Daardie prostituut sal in die Oordeel staan en tiene van miljoene kerklidmate in die Oordeel veroordeel, want nie net een keer nie, maar duisende maal duisende kere het dit regoor die land gebeur, om die wêreld, ondersoek deur die wetenskap, elke kritikus waardeur dit kon gaan, het deurgegaan, en steeds eenhonderd persent suiwer uitgekom, die Heilige Gees, die Woord wat dit ondersteun. Waar gaan ons staan, broers, op daardie Dag? Dink net daaroor na. En dit mag voor die oggend wees, ons is by die einde; ek sal môre meer daarvan kry.

82 Let op, Hy het hom geplaas, hom die teken gegee, wat Hy was, en julle onthou, Dit was God Almagtig, Dit was nie die *man*, wat net menslike vlees daar was, wat net binne 'n oomblik verdwyn het nie, maar Dit was God, wat Homself bekend gemaak het aan die Uitverkore, uitgeroepte, afgesonderde Kerk. Onthou, nie 'n georganiseerde dorp, nie 'n stad nie, maar 'n groep wat in die woestyne rondgedwaal het, wat die weg gekies het van met die Here se paar veragtes. Soos altyd, moes God Sy kinders in die wildernis inroep, en weg van hierdie dinge.

83 Hom geroep, daardie teken vir hom gewys, en aanbeweeg, en Abraham het geglo en onmiddellik is hy verander. Toe daardie Engel die toneel verlaat het, het Abraham 'n veranderde liggaam gehad, en gereed gemaak, en die seun het gekom wat belowe is.

84 Een van hierdie dae, sal die outydse Evangelie wat julle hoor een van hierdie dae stilgemaak word, en die Kerk sal 'n liggaam ontvang, verheerlikte. Jy sal daardie soort liggaam moet hê om op te gaan en Hom in die lug te ontmoet, ons kan nie ingaan in hierdie *soort* liggaam nie. So hulle wat kyk, hulle wat luister,

hulle wat ag slaan is diegene wat verander sal word in 'n oomblik, in 'n oogwink, en saam weggeraap word om die Here te ontmoet in die lug, die verwagte Seun van God, waarna ons gesoek het vandat ons. . .kan herken dat ons Christene was.

85 Onthou, ons het dit gisteraand bewys, hoe hy afgegaan het na Gerar, hoedat Sara, 'n ou vrou van honderd jaar oud. . . Gewoonlik, kry ek 'n brief of twee daaroor, wat sê: "Wel, hulle het net langer lewens gelewe." Maar ek wil hê julle moet oplet na die 18de hoofstuk, en die 17de hoofstuk, ook, die Bybel het gesê hulle was ver gevorderd in jare, gebukkend, geboë, oud. En toe hulle daaronder gekom het, Abiméleg, daardie koning, op soek na 'n liefling met al daardie Filistynse pragtige vroue, en tog verlief geraak op hierdie baie ou, ou, ou, oorgrootjie, en sou haar as 'n vrou geneem het, maar God het haar beskerm.

86 Ek wil hê jy moet iets hier oplet, suster, weet jy Sara het Abraham so liefgehad dat sy, daardie pragtige vrou, dat sy hom haar heer genoem het? Waarvan Paulus later sê: "Wie se dogters julle is, solank julle die waarheid gehoorsaam."

87 Sara het nie aangetrek in die modes van die dag, soos Mev. Lot het nie. Sy was waarskynlik die hoofleier van al die verenigings wat daaronder was, haar man was burgemeester van die stad. So, ek veronderstel sy was, in hulle groot kerk, in die oggend wanneer die klokke gelui het, en hulle almal daar uitgegaan het, kan ek my voorstel dat sy nogal 'n baie bekende vrou was; sy wou dit nie verlaat nie, sy was aardsgebonde.

88 Dis hoe mense vandag, nie wil hoor van die koms van die Here Jesus nie. Wel, dis die wonderlikste ding waaraan ek kan dink, vir Hom om die lug net nou te deurklief! Kom ons kom daaroor. Waarom sou ek nie hierdie ou verdroogde, verrimpelde, bejaarde, gekraakde liggaam wat vol korrupsie is, verander nie, niks behalwe velwurms wat dit kon opvreet nie, en hierdie siel daar inneem wat God liefhet, en verenig in 'n splinternuwe een-en-twintig jaar oue William Branham wat nooit oud sal wees, en nooit, nooit 'n hartseer sal hê, of nooit sterf, nooit siek wees, om saam met die Uitverkorenes te lewe deur die eeue deur alle Ewigheid, nie? O, ek kon nie aan enigiets groter dink nie!

89 Dis hoekom ek wil hê julle moet hierdie getuienis hier lees, hierdie dingetjie, ek het dit gesien, ek weet dis die waarheid, ek het hand geskud daar, en—en, met mense wat was. . .wat ek geken het. En ek—ek het na myself gestaan en kyk, wat daar op die bed lê, en hier het ek gestaan, dit is nie baie ver weg nie, ons sal nie baie ver hoef te gaan nie, want ek het hier gestaan net so werklik as wat ek by hierdie preekstoel staan. En ek het gedink: "Nou hier, *daar* lê ek daar, en hoe kan ek *hier* staan?" Net dieselfde as wat ek nou is. Daar was mense, elkeen van hulle pragtig, ek kan daardie vroue sien.

90 Ek was soort van hard op die vroue, maar ek bedoel nie—ek bedoel nie julle Christenvroue nie, ek bedoel hulle wat optree asof hulle Christene is en nie is nie, sien, wil Isébels wees, nee, meneer, volgens die dinge van die wêreld. Ek is beslis hard op hulle, en ek—ek net, ek moet dit doen, ek kan dit nie help nie. Maar jy moet 'n slegte een hê om 'n goeie een te laat uitstaan; jy moet 'n nag hê om die daglig te waardeer; moet die verkeerde hê om die regte te waardeer. Dit werk alles saam tot God se beswil, en Sy eer, jy's op 'n slagveld, nie 'n piekniekterrein nie.

91 Stryd! Almal sê: "Kom, word 'n Christen, alles sal reg verloop." Nee, meneer, dit geld nie vir 'n Christen nie: "Almal wat goddelik lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." Jy moet uitgelag word, en bespot word, op getrap word, geskop word, bespot word: "As hulle die Meester van die huis Beëlsebub genoem het, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?"

92 "Ek sal die weg kies saam met die Here se paar veragtes, ek het saam met Jesus begin gaan, O Here, laat my volhou." Dis reg. Dis my—dis my—dis my alternatief is om vol te hou.

93 As ek net afkyk vanaand, en hier in hierdie stad kyk, kyk vir die laaste drie maande waar ek oor die nasie was en die verval van die kerke gesien het, die onverskilligheid van die pastore, die onverskilligheid sien onder die mense wat uitkom, lyk soos vis en broodjies, en—en met die eerste dingetjie genoeg van 'n humeur het om met 'n kettingsaag te kompeteer, en ongevoelig, wreed, die Pinkstermense, predikersvereniging wil my uit 'n kring trek net omdat ek 'n man op die platvorm toelaat wat nie gedoop is soos hulle gedink het hy behoort gedoop te word nie, en—en hulle. . . O, sulke ongevoeligheid! As ek net hier gekyk het, sou ek—ek opgegee het. Ek is bly God het my beetgekry voor die kerk het, terwyl ek uitgevind het van God. Dis reg. Uitgevind dat God werklik was.

94 Mnr. Baxter, eenkeer, Ern Baxter, het altyd die veldtogte vir my bestuur, hy het gesê bo in Kanada, hulle was, eenkeer was daar 'n wedstryd om 'n nuwe Schwinn-fiets te wen. Hulle het 'n plank gehad wat 'n voet breed was, hulle moes dit ry vir vyftig, of 'n honderd treë, omtrent drie voet in die lug gesit. En elkeen van hulle daar was kampioene, Ern het gesê: "Ek kon dorp toe gaan, my ma se kruideniersware kry, hulle onder my arms sit, en deurkom verby die tremme, om die motors en nooit aan my handvatsels geraak nie." Gesê: "Ek kon *ry*." Agtersevoor daarop sit, en net so ry as wat hy vorentoe kon, gesê: "Dit het geen verskil vir my gemaak nie." En omtrent almal van hulle was kampioene, en hulle was seker hulle sou daardie Schwinn-fiets wen.

95 En hulle het een klein sissie kêreltjie onder hulle gehad, hy was nie 'n goeie ryer nie, hulle het geweet hy sou nie wen nie. Maar toe hulle hulle almal op die baan gesit en hulle begin het, het elkeen van hulle afgeval, behalwe hierdie een klein, sissie

seuntjie, hy het haar uitgery tot aan die einde, afgeklim, die beloning ontvang, die fiets gevat. En al die kêrels het om hom saamgedrom, gesê: "Sê vir ons hoe jy dit gedoen het."

96 Gesê: "Kêrels, ek gaan julle sê waar julle julle fout gemaak het." Gesê: "Ek het dit alles oordink voor ek daar aangekom het." Dis 'n goeie idee. Hy het gesê: "Julle sien, julle het almal *so* probeer om die fiets op die plank te hou, reguit afkyk soos *hierdie* na julle fiets, dit het julle senuweeagtig gemaak, julle het begin wikkel, julle het afgeval. En ek het gesien waar julle julle foute gemaak het." Hy het gesê: "Ek het nooit gekyk wat *hier* onder was nie, ek het net die einde dopgehou en regop gebly." Dis reg. Dis reg! Hou die einde dop en bly regop, hou net aan beweeg.

97 Ek sou moedeloos gewees het vanaand, as dit nie daarvoor was nie, ek die einde dop, bly net regop. Gaan aan, maak nie saak wat gebeur nie, hou net aan, moenie daarna kyk nie, hou net aan kyk na die einde, dis waar jy God daaronder aan die einde ontmoet, dis waar die belonings uitgedeel word. Moenie *hier* afval nie, gaan aan na die einde toe. "Hy wat volhard tot die einde, hy sal gered word," Skrif.

98 Nou, ons vind toe uit dat die bevestiging van die, van Abraham, gee . . . En alles het nou net presies uitgekom. Nou kyk, een wet wat God Sy Kerk gegee het, nie een—nie een ding het Hy vir Abraham belowe, nie een ding het Hy vir Abraham gedoen, wat Hy nie gedoen het vir, of, vir die Kerk gegee het nie, behalwe een ding, die verandering van die liggaam. En wanneer Hy dit doen . . .

99 Nou onthou, Sara moes verander word. Hoeveel glo dit? Steek jou hand op. Sy moes 'n veranderde liggaam hê. Sy was 'n honderd jaar oud, hoe kon sy geboorte skenk aan 'n kind?

100 Abraham, wel, die Bybel het gesê, as 'n man sou hy, was sy liggaam dood vir baie jare. Lees Romeine die 4de hoofstuk, waar dit gesê het: "Abraham het nie op sy eie liggaam gelet, nou so goed soos dood, of die verdorwenheid van Sara se skoot nie. Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God geprys," net aanhou beweeg.

101 Nou, sy liggaam was onvrugbaar, steriel, 'n honderd jaar oud, en dood, seksueel. Sara se skoot was dood, onvrugbaar, melkare weg, borste weg. En hart, daardie honderd jaar oue vrou in kraam te gaan? Sien, daar was . . . Sy was net so goed soos dood, maar dan kon sy nie daardie baba kry, kon nie daardie belofte ontvang, tensy sy verander is nie.

102 "Nou, wat probeer jy sê, Broer Branham?" Luister mooi, ons kan nie in hierdie soort liggame, ooit die beloofde Seun ontvang nie, want Hy kom nie na die aarde toe nie, ons moet weggeraap word. Ons liggame moet verander word, binne 'n oomblik, in 'n oogwink, en ons moet opgeraap word om Hom in die lug te

ontmoet. En die laaste teken wat gegee is, voor die vernietiging, was dat die Engel, wat gewys het dat God in sterflike, menslike vlees sou woon, wat daardie selfde teken doen, voor ons liggame verander is, en dis die laaste teken wat die Kerk kry.

103 Wys my nog een ding wat God aan Abraham gedoen het, wys my nog een teken wat Hy hom gegee het behalwe daardie teken daar, dit was die laaste teken. Almal wat dit weet, Bybellesers is, sê: "Amen." Dis die laaste teken wat gegee is; hierdie is die laaste teken. Kerk, luister na my, in die Naam van die Here!

104 Kyk na my geleerdheid, my ontoereikendheid van prediking, nie by my onderwerp bly nie en praat soos gesalfdes, of, geleerde predikers regtig praat nie. Julle moenie daarna luister nie, luister julle na wat ek vir julle sê, die Woord van God, God is agter dit, omdat Hy die Woord bewys het wat gepreek word. As jy my nie kan glo nie, jy sê: "Wel, jy, Broer Branham behoort nie aan ons organisasie nie," wel, glo dan die werke, laat vaar die organisasie, en glo die werke. Neem dit na jou eie organisasie, kry hulle om dit te glo, dan kan jy 'n beter werk doen, as wat ek kan, of kan jy God klop daarmee, God kan dit nie Self doen nie.

105 Let op, die 18de hoofstuk is waar Hy dit gedoen het. Die 17de hoofstuk nou, het Hy hom krag gegee vir die wonderwerk, hom die Heilige Gees gegee, met ander woorde, hom Sy, God se Eie Lewe in sy eie laat intrek.

106 Nou, wat doen ons wanneer ons die Heilige Gees ontvang? Ons neem God se Lewe in ons s'n in. Is dit reg? Wat: ons vermeng God se Lewe met ons s'n. Ons is seuns van God, want ons trek uit God, die Heilige Gees wat ons seuns van God maak. Wat doen dit? Dit maak ons dan gereed, vir die verandering. O, broer, dit maak ons gereed vir die verandering wat gereedmaak om te kom, Geesvervuld. Leun net reg op Sy boesem, en hou aan drink. Dan word ons verander een van hierdie dae, dit sommer onmiddellik, ook, ek kan dit belowe, die beloofde Seun is op Sy pad.

107 Nou let op, onmiddellik daarna, het Sara swanger geraak, en het sy geweet sy gaan hierdie baba kry. Nou, sy's nou jonk, pragtig, selfs 'n koning het verlief geraak op haar. Sy sou besonders moes wees, of daardie koning sou nooit verlief geraak het op haar nie, julle weet, sy was 'n pragtige vrou, en wou met haar trou, en—en God het haar beskerm.

108 Nog een ding wat ek vir die kerk wil bring, nou, party van julle wat hier sit, gisteraand toe die salwing my getref het, kon ek daardie vlammetjies daarbinne voel, ek het probeer om daaraan te dink, ek het dit hier neergeskryf sodat ek dit nie sou vergeet nie, ek het dit gisteraand gesien, dat julle dink: "Wel, ek—ek het *so-en-so* gemaak, ek het *so-en-so* gemaak." Baiekeer, vind ek mense wil nie eers in die gebedsry kom nie, hulle sal nie eers hulle nommer neem wanneer hulle geroep word nie, hulle is bang dit sal genoem word, sekere dinge. Nou, ek het dit altyd reguit

uitgebasuin, julle weet dit almal, en nie tensy ek werklik gelei word om dit te doen, doen ek dit meer nie.

109 Nou, jy sal jou foute maak. Jy sê: "Broer Branham, maak nie saak wat ek ooit sou doen nie, ek sou nooit waardig wees nie." Dis reg. Maar kyk, jy sê: "Broer Branham, op 'n tyd het ek nie hierdie Boodskap geglo nie." Dis reg, ek—ek reken baie van julle het nie, ek sou dit nie gedoen het nie, ek reken, self nie, ek kon dit nie gedoen het tensy God Dit aan my geopenbaar het nie. Jy—jy sou hê. . .Dis 'n openbaring, die hele Kerk is gebou op openbaring, sonder die openbaring sal jy dit nooit sien nie, is jy blind.

110 Jesus. . .Die Bybel het gesê, ek glo, Matthéüs 12, ek glo was dit, waar hy gesê het: "Al het Jesus soveel wonderwerke voor hulle gedoen, tog kon hulle nie glo nie, want Jesaja het gesê: 'Hulle het oë, en kan nie sien nie; ore, en kan nie hoor nie,'" en baie, regtig heilige mense, die room van heiligheid. So heiligheid is nie alles nie, heilige lewe is nie alles nie, geloof is die hoofsaak.

111 Nou luister, kerk, ek wil dit hier inlaat, want ek glo die Heilige Gees het vir my gesê om dit te doen, julle mag daar sit, wat sommige van julle doen, ek weet julle doen, wat van my verskil, net nou, ek kan nou jou naam noem as jy wil hê ek moet, so, ek weet dit, maar ek kan ook verder as dit sien, dat jy dit een van hierdie dae gaan glo.

112 So ek gaan dit net insit, sodat julle sal verstaan, sodat ek julle 'n bietjie genade hier kan gee, wanneer dit nie te lank gaan wees, totdat julle van gedagte gaan verander nie, party van julle, party van julle sal nie. Maar onthou, toe Sara die eerste keer daardie Man gehoor het, wat sy 'n tipe van die Kerk is, toe sy dit gehoor het, daardie teken sien gebeur het met Abraham, het sy eintlik daaroor gelag in haar hart, en sy nie geglo het en getwyfel het of dit ooit so was nie. Is dit reg? Op daardie tydstip, sou God haar naam uitgevee het. Dit reg? Maar Hy kon nie, sy's deel van Abraham, hulle is een.

113 En as jy regtig nie opgewonde was, nie opgewerk in emosie nie, nie een of ander kerkbelydenis het nie, maar regtig die Heilige Gees ontvang het, en jy's regtig deel van Christus, en steeds 'n bietjie skepties in jou gemoed, sal God jou nie daarvan afstoot nie, want Hy kan nie, jy's 'n deel van Christus, Hy sal jou na die waarheid toe bring.

114 Nou, as jy nog nooit. . .jy het net, jy mag in tale gepraat het, gedans het in die Gees, en al hierdie dinge daar gedoen het, dit—dit beteken nie jy het die Heilige Gees nie. O, goeiste, goeiste, dis 'n miljoen myl van daar af. Jesus het nooit gesê: "Nou onthou, ek glo dat wanneer jy die volheid van die Heilige Gees ontvang, jy in tale praat," nie. Reg. Maar Jesus het nooit, daar's geen Skrif in die Bybel wat sê dat dit die bewys van die Heilige Gees is nie; ek wil hê julle moet dit bring, as dit is. Daar's nie so 'n Skrif soos daardie nie.

115 Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." En die vrugte van die Gees is nie praat in tale nie, dis 'n gawe van die Heilige Gees, nadat die Heilige Gees gekom het, dis een van die gawes wat Daarmee saamgaan. Preek, praat in tale, uitleg van tale, al daardie dinge is gawes van die Heilige Gees.

116 Hulle was verbaas op die Dag van Pinkster, Petrus het gesê: "Bekeer, en word gedoop, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang." Sien?

117 Nou, maar onthou, ek glo dat wanneer jy so vol word van die Heilige Gees jy—jy. . . het die Bybel gesê: "Met lippe wat hakkel en ander tale sal Ek met hierdie volk spreek." Wat hakkel, so vol van die Heilige Gees dat jy niks in jou eie taal kan sê nie, dis wanneer jy gevul word met die Heilige Gees. Maar ek glo dat wanneer jy in God glo met jou hele hart, en Jesus aanvaar as jou Verlosser, jy 'n deel het van daardie Heilige Gees, want Jesus het gesê: "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." En daar's net een vorm van Ewige Lewe. Dan is jy net 'n kind, dan begin jy instap in die volheid van die Gees. Jy groei in genade, dan is jy. . . [Leë kol op band—Red.]

118 . . . Wesley, en nou in Pinkster in, dieselfde ding, dan die plasing van die seun, dan die laaste teken-gawe, dan die wegraping van die liggaam, die verandering van die liggaam, en die Wegraping.

119 Nou, toe hulle teruggekom het, het Sara herken sy sou ma word. O, sy moes 'n gelukkige dametjie gewees het. Ek kan haar nou sien, daardie swart, blink hare, daardie groot, fluweel oë, mooi gesig, sy was toe 'n jong vrou, waarskynlik in haar vroeë twintigs. Abraham, sterk en gesonde, jong man, het verander van 'n ou, afgetakelde kêrel, na 'n jong man, wat wys wat Hy aan die hele Saad van Abraham gaan doen, dis presies.

120 En toe, voor jy jou kom kry, kon hulle wees, lewe soos jongmense. Toe het hulle hierdie jong kind voortgebring, en toe hy omtrent twaalf jaar oud was, het God gesê: "Nou, om dit baie seker te maak vir al die mense, gaan Ek vir hulle bewys wat Ek gaan doen, wys dat die Saad van Abraham nooit My Woord sal betwyfel nie, die ware Saad van Abraham sal nie My Woord betwyfel nie."

121 Nou, hier is die manier om te toets of jy regtig die Saad van Abraham is, of nie: Wanneer die kerk sê: "Glo jy *dit*, en ek sal jou uitskop," beteken dit nie 'n ding vir die Saad van Abraham nie, nie 'n ding nie, dit plaas hom net op sy regte pad, dit maak hom net vry, hier gaan hy.

122 En, siende dat hy—hy die vader van nasies moes wees, nou, God het gesê: "Ek wil hê jy moet hierdie seun van jou neem, en Ek gaan jou in 'n visioen wys na *watter soort* heuwel julle

gaan, 'n berg, en neem jy daardie seun soontoe, en vernietig hom eenvoudig."

123 Kan julle julle voorstel wat deur Abraham se gedagte geglip het as 'n mens *hier* bo, *hier* bo? "Wel, hoe gaan ek die vader van nasies wees, en hier het ek al hierdie jare gewag en hierdie seun hier gekry, en hier is hy twaalf jaar oud, Hy neem my nou uit, en sê: 'Neem hom uit en maak hom dood'? Hoe. . .? En Hy het my belowe dat deur hierdie selfde seun, hierdie die seun is wat Hy vir my deur Sara belowe het, en as—as ek hierdie seun hier gehad het, sou hy die vader van nasies wees, nou neem Hy my uit om dit dood te maak."

124 Dis toe die intellektuele begin werk het, maar die gonsertjie het bly sê: "Waarom het jy egter vyf-en-twintig jaar vir hom geglo?" Daardie gonsertjie het gesê: "Wel. . . "

125 Toe het dit opgekom in die, sy keel, toe 'n belydenis gemaak: "Ek het hom ontvang as een uit die dood, ek is ten volle oortuig dat God in staat is om hom uit die dood op te wek." Dis reg. Wanneer *hierdie* hier onder begin praat, bly *hierdie* stil.

126 Soos ek nou die aand gesê het, in die tuin van Eden het die duiwel 'n deel van 'n mens gekies, en God het 'n deel gekies; God het sy hart gekies, die duiwel het sy intellekte gekies. En nou, vandag, die kerk vandag, hang alles af van die intellek, dink nooit aan die hart nie. Sien? En die enigste ding wat hulle kan sien: "Wel, ek kan dit net nie so sien nie." Jy sien nie met jou oë, in elk geval nie, jy kyk met jou oë, jy sien met jou hart. Jy kyk na enigiets, sê: "Ek sien dit net nie." Jy—jy kyk daarna, maar jy *sien* dit nie, dit beteken jy *verstaan* dit nie, jou insig kom uit jou hart.

127 Nou, hier is hy nou, hy verstaan dit nie—hy verstaan dit nie met sy verstand nie, hoe gaan hy dit doen? Sy intellekte sou hom dit vertel, dis sy redenasies, maar die Bybel het gesê: "Ons verwerp redenasies." Verwerp hulle van ons. Sê: "Hoe gaan ek gesond word wanneer die dokter sê: 'Wanneer ek *hierdie* gedoen het. . . '?" Dit het nie een ding daarmee te doen nie.

128 Jy kry omtrent een uit elke vyfhonderd wat dit regtig glo, sit net reg daar, en daar's niks in die wêreld wat hulle ooit sal verander nie. Wel, wat moet ons doen? Dring deur alles, totdat ons daardie een vind. Dis reg. God deursoek die aarde om een man te vind. O God! Wanneer ek daaraan dink, laat dit my hart brand. God deursoek die aarde om een man te probeer vind wat sal oorgee aan Hom, Hy het dit altyd gedoen.

129 Hy het een man gevind in die dag van Noag, uit die tiene van miljoene en miljoene. Mense wil, net soos, daar's te veel mense soos Simson vandag, Simson het God sy krag gegee, maar hy wou Hom nie sy hart gee nie; God kon sy krag gebruik, maar nie sy hart nie. Simson was 'n bietjie lief vir die dames, julle weet, en hy kon Hom net nie sy hart gee nie, hy moes dit vir Delila gee, maar

hy het sy krag vir God gegee. God het sy krag gebruik, maar Hy kon nie sy hart gebruik nie.

130 Soveel vandag, God, julle sal julle intellektuele vir God gee, "Ek sal vir U 'n groot huis bou, ek sal vir U 'n organisasie maak, ek sal *hierdie* doen, ek sal *daardie* doen." Besef julle nie dis dieselfde ding wat Kain gedoen het en verwerp is nie?

131 Kain het vir hom 'n altaar gebou, en 'n offerande gemaak, en gesê: "Hier is dit, ek sal U aanbid, ek glo U. *Daar* is my offerhande, *daar* is my altaar, vat dit of los dit." Dis die man vandag, die godsdienstige man, Esau net so, en die kerk net so. "Ek het *hierdie* gedoen, ek het *hierdie* gedoen, ek het *hierdie* gedoen." Dis nie wat jy gedoen het nie, dis wat Hy gedoen het. Gee Hom jou hart, en volg Hom.

132 Probeer 'n man vind wat Hom sal volg. Hy het toe een gehad, Abraham, hy was daardie volmaakte man, wat God ook al gesê het, dit was in orde.

133 So kyk, kan julle julle voorstel, nou, Abraham kon nie vir Sara, die vrou, sê nie, daardie mooi, Joodse seuntjie, omtrent twaalf jaar oud, hom boontoe gaan neem, en sy keel afsny? Dit sou 'n verskriklike ding gewees het om vir Mamma te vertel, hy kon haar nie vertel nie. So, die volgende oggend het hy opgestaan, en 'n bietjie hout gekap, hy het gesê hy het die hout gekloof, wat beteken "het dit gekap," dit in 'n sak van een of ander soort gesit, een of ander soort velsak, dit op die rug van die muil gelê, en twee diensknegte geroep, en gesê: "Isak, ek en jy gaan aanbid, laat ons die muile saamneem. Mamma, ons sal binne 'n paar dae terug wees." Goed.

134 Hy gaan aan, op na die berge gaan hy. En onthou, hy het drie dagreise ver gegaan. Is dit reg? Drie dae. Nou, 'n gewone man, net enige man. . . en hy wat jonk was, waarskynlik twintig jaar oud, vyf-en-twintig. Toe ek altyd gepatrolleer het, het ek elke dag twee-en-dertig myl deur die oerwoude geloop, en ons is gewoond om die heeltyd te ry. Al wat 'n man toe gedoen het vir vervoer, óf op 'n muil gery, óf—óf—óf geloop. So, ek kan loop. . . Ek kan uiteindelik sê, in die berge het hy ten minste twintig myl per dag geloop. Wel, nadat hy drie dae ver geloop het, toe het hy sy oë opgeslaan en die berg gesien wat hy in die visioen gesien het, ver weg, toe daarby gekom. Kyk waar hy nou was, weg van die beskawing. Ek hou hiervan, hierdie is so pragtig, moet dit nie mis nie.

135 Toe hulle by die berg gekom het, het Abraham vir die—die seuns gesê wat die muile vasgehou het, hy het gesê: "Bly julle hier, hou die muile dop, ek en die seun, ons gaan soontoe om te aanbid, en ek en die seun sal terugkeer."

136 Hoe gaan jy dit sê, Abraham, wanneer jy soontoe gaan om daardie seun dood te maak? Wat is dit? Dis daardie geloof. Hy

weet nie hoe dit gaan gebeur nie, maar hy weet dit gaan gebeur. O! O! O! O!

137 Jy sê: "Broer Branham, jy tree dwaas op daarbo." Wel, miskien doen ek dit, maar ek voel baie goed. Ek voel beter so, as wat ek het in die ou vleeslike intellektuele, so ek sal liewer so bly.

138 "Wag julle kêrels hier met die muile, ek en die seun gaan soontoe om te aanbid, en ons sal terugkeer."

Wat as die Engel daar gestaan, en gesê het: "Abraham. . . "?

O, wat as die duiwel daar aan een kant gestaan, gesê het: "Abraham, jy het 'n leuen vertel"?

139 "O, nee. Daar's *iets hier* onder wat vir my sê dat selfs as ek hom moet doodmaak, ek hom ontvang het as een uit die dood, God hom weer kon opwek na die aarde. Ek en die seun sal terugkeer, want hoekom? God het my alreeds gesê dat deur hierdie seun die Saad sou wees wat nasies sou red. En Hy het my naam verander en *h-a-m* by die einde van my naam gevoeg, en ek is 'n vader van nasies deur hierdie seun, en ek weet nie wat God daar gaan doen nie, maar Hy gaan dit doen."

140 *Sjoe!* O, goeiste, steek aan die brand! Dit gee jou iets om op te staan. Dis nie een van hierdie Katolieke, Sinterklaas stories van een of ander fiktiewe iets wat nooit gebeur het nie, dis SO SPREEK DIE HERE GOD JEHOVAH. Amen. "Maak geen verskil aan my hoe ons terugkom nie, ons kom terug. Dis al."

141 "Hoe gaan. . .?" Nou, as Hy sou sê vir. . .Hier's 'n man, wat hier sit met 'n kierie, blind, "Hoe gaan jy jou sig ontvang, meneer?" Laat God net eenkeer met sy hart praat, en kyk wat gebeur. Miskien is daar een daar oorkant met 'n kanker, sterwend; een hieragter met hartprobleme, wat pas 'n ondersoek gehad het, die dokter het gesê: "Kan nie lewe nie, gaan sterf," laat daardie gonsertjie eenkeer hiernatoe draai, "Ek is die Here wat jou genees, jou jou sig gee, die kanker wegneem, jou laat loop." Huh! Dis alles verby. Ek gee nie om wat enige wetenskaplike, wat enigiets nie, maak nie saak of die dokter 'n, vir hom 'n kardiogram gee, en vir hom gesê het sy hart het alreeds gestop nie, hy sou dit steeds glo. Ja, meneer. Hy gaan dit in elk geval doen, daar's niks wat dit kan stop nie, dis—dis wat geloof is.

142 Weet julle wat? Vergewe my, broers, susters, Ek weet nie hoekom ek dit gaan sê nie, maar dit—dit versmoor my om dit te sê. Ek weet iets is gereed om met my te gebeur, so ek—ek laai net af. Dis reg. Glorie aan God! Broer, ek het soveel skyngeloof, super-duper, Amerikaanse *sogenaamde* geloof gesien, tot dit my siek maak op my maag. Evangeliste wat mense deur rye laat loop, en sê: "Ooh, voel *dit*!" Hoe gaan jy dit doen?

143 Ek het 'n brief van Duitsland gekry nou die dag, van 'n Duitse Lutherse prediker, die hoof van die vereniging in Duitsland, in 'n

sekere distrik waar ’n evangelis was, en hy het hierdie evangelis se aandag daarop gevestig, gesê: “Die ding wat jy gedoen het, was om geld van die mense af te dwing. En dit sou beter wees as julle Amerikaners hier uitbly.” Dis reg. Dis reg, ek stem saam met hom. Gesê: “Wat van klein Deborah Stadsklev, daarbo, as jy sê al hierdie super-duper geloof is vir alles?”

144 Ek het die brief reg op lêer. Enigiets wat ek van hier af sê, broer, ek kan dit ondersteun. Sien? Hy het gesê: “Al hierdie hier geloof waarvan julle gepraat het wat julle het, waarom het julle almal al daardie geskud, en gespring, en alles anders daar gedoen, mense probeer vertel hulle is genees, en hulle het *dit* gedoen, en *dat* gedoen, wanneer hulle nie het nie? Julle het nooit enige bekering gebring nie.” Gesê: “Hoekom het julle nie gewag soos Broer Branham het, toe hulle hom gebel het oor klein Deborah Stadsklev nie? Hy het gewag totdat hy ’n duidelike antwoord van God gekry het.” Daar het julle dit.

145 Wag tot julle hoor, SO SPREEK DIE HERE. Maak julle lewens skoon, kom weg van julle ongeloof, hou op om hierdie *super-duper* te hê: “Ek het gevoel, ek het aangeraak, ek het bloed, ek het . . . ” O! Geen wonder die ding sink nie! Dit moet terugkom na God se Bybel, bekering van ongeloof, nie *super-duper*, hande klap, en opwerk in ’n klomp emosie nie. Pinkster se geboorteplek is daarin, deesdae, skud hulle, en sê: “Sê dit! Sê dit! Sê dit! Sê dit! Sê dit! Sê dit! Sê dit! Sê dit!” totdat hulle sê dis een of ander soort van ’n onbekende taal, of ’n verwarring kry, dan sê julle het die Heilige Gees, en enige soort lewe lei, met genoeg ongeloof in hulle wat die duiwel se hel sou uitsmeer. “Super-duper geloof.” Ha!

146 Wat makeer my, in elk geval? Ek vertel julle net die waarheid, eendag sal julle dit begryp, eendag sal julle weet dat ek julle die waarheid vertel het, my stem mag stil wees. Julle—julle mag—mag in staat wees om die liggaam wat praat stil te maak, maar julle sal nooit daardie stem stilmaak nie, dit kom van God af. Hulle het Stéfanus gestenig, maar hulle kon nie sy Boodskap stop nie. Dit sal aanbeweeg, daardie bandopnames sal gespeel word nadat ek weg is vir jare.

147 Ja, “super-duper geloof,” Amerikaans, opgebou onder baie verwarring, gegrimeerde vroue wat kortbroeke dra en alles anders, wat deur die rye hardloop, en hulle skud, skree, “Ja, jy het dit, halleluja, jy!” O, onsin. Bekeer! Kom terug na God. Ons het ’n skoonmaak nodig. Amen.

148 Moenie dink ek’s kwaad nie, ek’s nie kwaad nie. As ek was, sou ek daar by die altaar kom, bely voor ek hierdie Boodskap voltooi het. Ek vertel julle net Iets in my hart wat uitkook, en Dis die Woord van God. Julle het ’n reiniging nodig van die preekstoel tot by die kelder, regdeur.

149 “Super-duper geloof,” nie so-iets by God nie. God se geloof is suiwer, skoon, onvervals. Dis reg. Iets binne-in, wat beweeg,

sê: "Ek aanvaar dit." Broer, jy weet dan waar jy is.

150 Hier nie lank gelede nie, ver daaronder in Kentucky, Broer Sullivan, 'n ou, gelapte, blou hemp, staalgrys oë, het my in die oë gekyk, en gesê: "Prediker, ek glo dit." O, broer, dit was eenhonderd persent plus; hy het. En 'n kanker, wat aan die kant van sy gesig gehang het wat op die vloer afgeval het, hy het dit geglo. Soveel het hoop in plaas van geloof. Nou, die koerante het die artikel daarvan gehad, 'n verslaggewer wat daar gestaan het, en die kanker het oor sy voete afgerol, hy kon nie keer om daaroor te skryf nie, dit self opgetel.

Sê: "Hoekom nie . . .? Ek het dit nêrens gesien nie."

151 Jesus het gesê: "Sorg dat julle dit vir niemand vertel nie." Ons het soveel publisiteit vandag, om iets op te stel voor die publiek om dit te maak . . . O, ek beter stilbly, aangaan. Let op, maar dis SO SPREEK DIE HERE.

152 Abraham het die kêreltjie geneem, kyk, die hout op Isak se rug gesit. Tipe van Christus met die hout op Sy rug. Hulle het teen die berg opgegaan, verder opgeklim, bokant die bome opgekom, het opgegaan tussen die groot rotse, ver op tot by die groot rotsblokke, tot by die gebleikte sand, verder bo-op die top van die berg, waar niks anders as net ou ranke, en dinge om die stompe gedraai is, of, die rotse nie. Hy het vir hom twaalf klippe teen mekaar gerol, die hout neergelê, die vuur geneem, die offer- . . ., uh, die altaar aangesteek.

Klein Isak het agterdogtig geraak, hy het gesê: "My vader?"

Hy het gesê: "Hier is ek, my seun."

Hy het gesê: "Hier is die altaar, hier is die hout, hier is die vuur, maar waar is die lam, of die offerhande?"

153 Hy het gesê: "My seun, God sal vir Homself 'n lam voorsien vir hierdie offerhande." Daar het julle dit. "Enigste ding wat ek doen is om net instruksies te volg, dit hang van God af om die lam te voorsien."

154 "Hoe gaan ek my sig ontvang? Hoe gaan ek . . .?" Dit is nie die vraag nie, volg net die instruksies, glo sonder ophou. God sal vir Homself 'n lam vir die offer voorsien.

155 Toe het hy gesê: "Isak, sit jou hande agter jou." Hy het 'n tou gevat en sy hande begin vasmaak, toe het Isak geweet. Kyk na sy gehoorsaamheid, soos Jesus die ware Seun van God, gehoorsaamheid tot die dood, die kruis geneem het. Sy hande en sy voete vasgemaak, Abraham het die seuntjie opgelig en hom op die rots neergelê.

156 Ek kan my voorstel hoe hy daar staan, en probeer, sy intellektuele wat probeer werk: "Wat gaan jy vir Sara sê wanneer jy by die huis kom?"

157 "Ek—ek. . ." Maar die gonsertjie het bly sê: "Ek is Jehova, ek sal voorsien. Volg jy My net." Sien, twee dinge wat werk, dieselfde tyd. Waarna gaan jy luister? As jy *hierna* luister, is jy gedaan; luister *hierna*, kan jy nie gaan nie, jy moet seker wees (Hier.), dis volmaak.

158 Nou, sy hare uit sy gesig uitgevee, sy kop geneem, dit agteroor gebuig sodat die keel kaal sou wees, sy hempie oopgemaak en dit weggetrek, sodat sy keel sou wees. . . sê: "Lê jou kop 'n bietjie verder agteroor, Skat, vir Pappa."

159 Dink julle dit was maklik? Daar moes iets *hier* onder beweeg, 'n ware liefde wat nie sou faal nie. Sy kop agteroor gelê, die groot mes uitgehaal soos *daardie*, net vlymskerp, skerp geslyp, sy kop agteroor getrek, dit uitgehaal, opgelig na God, die bokant van sy hare gevang, dit teruggetrek soos *daardie*, en hy het sy hand opgesteek.

160 Omtrent daardie tyd het die Heilige Gees sy hand gegryp: "Moenie jou hand uitsteek nie, Abraham, Ek weet jy het My lief."

161 En omtrent daardie tyd het daar 'n ram agter hom geblêr, dit was nie 'n sekonde tevore daar nie. 'n Ram se horings was vasgehaak in die rankplante, vasgehaak in die rankplante: "*Baa!*" Abraham het rondgekyk, gegaan, en die ram gekry, dit op die altaar gelê, dit vasgemaak met die tou waarmee Isak vasgemaak was, en die ram doodgemaak.

162 Ek wil vir julle iets vra: Waar het daardie ram vandaan gekom? Dit was ten minste 'n honderd myl van die beskawing af tussen leeus, jakkalse, allerhande soorte, alles vreet 'n skaap, wildehonde. En weer, dit was ver bo-op die berg waar daar geen kos of water is nie, en dit was nie daar toe Abraham die klippe daar gesoek het om die altaar te maak nie, maar daar was dit. O God! Jehova-Jireh, Hy het vir Homself 'n lam voorsien vir daardie offerande. En Hy's dieselfde Jehova-Jireh, vanaand, enigste ding is, dat aan die Saad nou, van Abraham, Hy alreeds die Lam voorsien het, die Lam is alreeds doodgemaak, 'n bloeiende Lam.

163 Nou, dit was nie 'n visioen wat Abraham gesien het nie, want die ram het gebloei, en 'n visioen bloei nie. Sien? Hy het die ram doodgemaak. God het dit in ontstaan gespreek, en Abraham het dit uit ontstaan geneem in minder as 'n minuut se tyd. Ontstaan, en die volgende minuut uitgegaan, omdat God 'n rede daarvoor gehad het, omdat Hy iemand na daardie plek toe gebring het, hom getoets het. Die Bybel het gesê Abraham is getoets, en die Saad van Abraham is getoets. Nou, God het Sy dienskneg getoets. En Hy is in staat om te voorsien of enigiets te maak op enige manier wat Hy wil, want Hy's Jehova-Jireh.

164 Nou, as jy siek, beproef is, wel, maak nie saak wat verkeerd is met jou nie, as God dit aan jou geopenbaar het dat jy gaan wees. . . dat jy alreeds genees *is*, deur Sy voorsiende Lam, en die

dokter sê jy kan nie gesond word nie, Hy's Jehova-Jireh, die Here is in staat om vir jou oë te voorsien, ek het Hom dit sien doen, die Here kan ore vir jou voorsien, die Here kan gesondheid vir jou voorsien, die Here kan krag vir jou voorsien, Hy is Jehova-Jireh, die Here se voorsiende offerhande. En in Jesus Christus, God se Seun, word dit alles vervul vir julle, die Saad van Abraham, as julle net sal glo soos Abraham het. Glo julle dit?

Laat ons dan ons hoofde buig.

165 Is jy siek? Jy behoeftig? Jehova-Jireh is teenwoordig, dieselfde Een Wat al die dinge belowe het, wat al die tekens gee, Sy hele Woord vervul, is hier in hierdie wapenkamer in Middletown, Ohio, vanaand. As jy Hom nodig het, steek net jou hand op. Hou Hom nou in julle gedagte, terwyl ek bid.

166 Hemelse Vader, ek kom in die Naam van U voorsiende Offerhande wat ek as my Verlosser aanvaar het. En Hy het hierdie bose, wrede, Ierse hart van my verander, wat daar op die bed gelê het, met net drie minute om te lewe, volgens die spesialis, my hart wat net sewentien keer per minuut klop, maar Jehova-Jireh het op die toneel gekom. En dit was omtrent vyf-en-dertig jaar gelede, toe ek drie minute gehad het om te lewe, maar Jehova-Jireh het lewe vir my voorsien. Waarom sou ek dit dan nie spandeer, vir Hom nie?

167 Daar mag ander hier wees, vanaand, Here, sonder twyfel, miskien nie so erg nie, maar ek het U belowe daar op daardie hospitaalbed dat ek my nooit vir U sou skaam nie, dat ek sou staan vir U Woord, ek dit sou uitroep van die dakke af, straathoek, en vir een-en-dertig jaar het ek dit uitgeroep, Here.

168 Nou word U dienskneg oud, ek bid U, Here, dat U hierdie mense sal seën vanaand, en hulle hierdie Evangeliewaarheid sal laat sien. Soos die liedjieskrywer gesê het:

> Dis genade wat my hart geleer het om te vrees,
> Dit was genade wat my vrese verlig het;
> Hoe kosbaar het daardie genade gelyk
> Die uur wat ek die eerste keer geglo het!
>
> Deur baie gevare, swaarkry en strikke,
> Het ek alreeds gekom;
> Dit was Jehova-Jireh wat my tot dusver veilig
> gebring het,
> En Hy sal my verder neem.

169 Gee my geloof vanaand, soos ek vir die siekes bid. Help my, Here, en gee die mense geloof om te glo. Nou, daar's niks, Here, het ek hulle oor en oor vertel, daar's niks in my, of enige ander mens wat kan doen wat U alreeds gedoen het nie, hulle genesing is volbring, U het hulle verlos van hulle siekte toe U vir hulle gesterf het. U is ter wille van hulle oortredinge deurboor, deur U wonde het daar vir hulle genesing gekom.

170 Mag hulle geloof hê vanaand, Here, nie vertrou op een of ander verdienste van een of ander emosie wat hulle gehad het, of een of ander sensasie, of iets nie, maar mag hulle kom met eenvoudige, klinkklare geloof, en ’n klinkklare besluit, “Vanaand, aanvaar ek Christus as my Geneser. Uit my hart glo ek Hy genees my.” Skenk dit, Here, en dit sal alles verby wees. Skenk dit, Vader. vra ek, in Jesus’ Naam. Amen.

171 (Hoe laat is ons veronderstel om uit te wees? Enige bepaalde tyd?) As julle almal net baie eerbiedig sal wees vir net ’n paar minute. Ek glo nie ons het al enige gebedsry opgeroep nie, het ons? Ons het nog nie ’n gebedsry geroep vandat ons hier is nie. Net gehad, van die—van—van die platvorm af? Was dit nie hoe dit was nie? Wat was daardie gebedskaartjies? ’n Een tot ’n honderd?

172 Sou julle liewer dat dit net hier van die altaar af geroep word? Mense sonder gebedskaartjies so geroep word, of mense saam met hulle? Maak nie saak vir my nie, wat ook al die meeste geloof vir julle sal bring. As julle net geloof sal hê en glo, nie twyfel nie, en net baie eerbiedig sal bly, stil sit.

173 Nou, hierdie is die tyd, maak nie saak hoeveel ek gepreek het nie, as dit nie die waarheid is nie, is dit nie die waarheid nie. God sal nooit vir ’n leuen getuig nie, julle weet dit, maar as dit die waarheid is, is God verplig om daarvan te getuig.

174 Nou, my broers, susters, sal julle net vriendelik wees, net so eerbiedig bly as wat julle kan? Kom ons roep ’n paar van daardie kaartjies. As ons hulle nie vanaand kry, almal nie, sal ons hulle môre kry. Laat ons net omtrent ’n dosyn, of so-iets, op die platvorm neem, en dan die Heilige Gees, as Dit sal, in die gehoor laat begin.

175 Hoeveel daarbuite het nie ’n gebedskaartjie nie en julle is siek? Steek julle hande op. Oral rondom. . .O, goeiste! Hoeveel het dan gebedskaartjies? Steek julle hand op. Daar’s meer sonder gebedskaartjies, en daar’s net ’n paar met gebedskaartjies. Waarskynlik is sommige van hulle wat gisteraand die gebedskaartjies gekry het, al weg.

176 (Wat het jy gegee, van een tot vyftig, of, van een—een tot ’n honderd, gisteraand?) Laat ons begin by, sê, vyf-en-sewentig. Hoe sal dit wees? Kyk of dit hier is. Gebedskaartjie nommer vyf-en-sewentig, wie het dit, steek jou hand op? Nee? Wel, ons sal van iewers anders af begin. O, ek’s jammer. Goed, nommer vyf-en-sewentig, wat van jy kom net hiernatoe, dame? Nommer ses-en-sewentig, wie het dit? Ses-en-sewentig. Daardie dame? Kom net hier. Sewe-en-sewentig, gebedskaartjie sewe-sewe. Daaragter. Agt-en-sewentig. Kom hier, dame. Nege-en-sewentig, nege-en-sewentig. Het ek dit gesien? Het dit opgestaan? Nege-en-sewentig. Tagtig, wie het gebedskaartjie tagtig? Sal jy jou hand opsteek, sodat ons kan sien? Tagtig.

177 Nou, wanneer die seun kom om die gebedskaartjies te gee, staan hy op voor julle, skommel hulle deurmekaar. Is dit nie reg nie? Neem dan en gee jou die gebedskaartjie, enigiemand wat een wil hê, sien, maak nie saak nie. So, ons weet nie waar ons hulle vandaan gaan roep nie, en niemand weet tot . . . Die seun kan nie vir jou sê nie: "Wel, ons gaan begin, vanaand, vanaf nommer een. Ek sal vir *jou* nommer een gee, en vir *jou* nommer twee, vir *jou* . . ." Hy kan dit nie doen nie. Sien? En dit bewys dit, want hy skommel hulle hier voor julle. Uh-huh. Goed.

178 Waar was ek, tagtig? Tagtig, gebedskaartjie tagtig. Een-en-tagtig. Het ek daardie een gekry? Een-en-tagtig, twee-en-tagtig, drie-en-tagtig. Is dit die . . .? Nee, sy het gestop vir 'n baba. Drie-en-tagtig, sal jy jou hand opsteek? Agter aan die agterkant. Vier-en-tagtig. Goed. Vyf-en-tagtig. Ek het dit nie gesien nie. Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, ses-en-tagtig. Die man. Sewe-en-tagtig. Ek het dit nie gesien nie. Sewe-en-tagtig.

179 Kyk na jou buurman se kaartjie, miskien is hy doof. O, goed. Sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig, agt-en-tagtig. Wat's, hierdie blinde man, wat's sy nommer? Is hy—is hy . . .? Dit sou nie sy nommer wees nie, sou dit? O, ja, o, ja, hy het gehad, o, dit—dis agter. O, dis alles reg, hou dit vas, ek sal dit kry. Bly net daarby, ek sal kry . . .

180 Nege-en-tagtig, negentig, een-en-negentig, twee-en-negentig, twee-en-negentig. Ek sien dit nie. Twee-en-negentig. Dis waarskynlik sommige wat gisteraand gegee is. Wel, jy het genoeg daar.

181 Almal in hierdie gebedsry wat hier staan, kyk net 'n oomblik nou, ek wil hê julle moet nou baie eerbiedig wees. Net—net, hierdie is Saterdagaand, jy kan slaap tot Sondagskooltyd in die oggend, nou, jy hoef nie werk toe te gaan nie. So nou, wees baie eerbiedig net 'n paar minute. Kry hierdie Boodskap, moet nou nie die Boodskap vergeet nie, kry die Boodskap.

182 Almal in hierdie gebedsry wat 'n vreemdeling vir my is, wat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, almal in die gebedsry. Goed, meneer. Elkeen van julle in daardie gebedsry, sal julle God plegtig belowe dat as God hierdie dinge sal openbaar, dat jy sal belowe jy sal Hom glo, en Daaraan vashou met jou hele hart? Jy sal? En as ek net sou opkom en vir elkeen van julle bid, en julle hier laat deurgaan . . .

183 As jy enigiets verkeerd gedoen het, maak dit nou reg, voor jy in die ry kom. Sien? Doen dit. Nou, want onthou, die sonde is op julle, nie op my nie.

184 Nou, hoeveel in die gehoor vanaand, wat glo dat God die Geneser is, en jou kan genees, en jou sal genees, en jy het geloof daarvoor, vanaand? Steek julle hande op dat julle siek is. Nou, belowe julle, julle daarbuite . . .? Hoeveel hierbinne wat weet dat

ek julle nie ken wat siek is, of niks van julle af weet nie? Steek jou hand op.

185 Nou, as die Here Jesus presies sal doen wat Hy gesê het Hy gedoen het toe Hy hier op aarde gekom het, presies wat Hy belowe het sou plaasvind in die laaste dae, as Hy dit net een keer sal doen in hierdie gebedsry, of een keer daarbuite, sal julle dit plegtig glo, soos ek my hande opsteek na God dat ek nie enige van daardie mense daar ken nie. . .

186 En daar's 'n paar hier wat ek ken. Ek probeer uitmaak wie hierdie man is wat hier sit, en ek dink hierdie man wat hier sit met die ligte pak aan, ek het hom iewers gesien. Broer en Suster Kidd, ek ken hulle.

187 En ek weet dat ek 'n paar vriende hier van Jeffersonville het, hulle is hieragter iewers, een van die diakens van ons kerk, Broer Fred Sothmann, hy's hier. Nog een van die diakens, of hy's 'n trustee, een van die diakens, 'n Metodiste prediker, Broer Collins, hy was nou die dag hier, hy en sy vrou is hier.

188 Broer Welch Evans en sy familie van onder in Georgia. Daardie mense ry heen-en-weer, wel, met 'n retoer reis, ek sou sê dis omtrent veertien, of vyftienhonderd myl elke Sondag om my te hoor preek by Jeffersonville. Praat van vriende! Sterf vir jou.

189 Broer Tom Simpson, hy's hier, en ek dink van sy familie is by hom, hy's ook 'n besoekende broer van my. Broer Leo en Gene, hulle is hier, hulle is my medewerkers hier in die diens.

190 Dan het ek 'n vriend hier, Broer Rodney, en Broer Roger, en Broer Charlie, hulle is van hierbo in Ohio, iewers, hierbo naby die Indiana-lyn, persoonlike vriende van my. Verenigde Broers en Metodiste broers, wat pas onlangs ingekom en gered en gevul is met die Heilige Gees, hulle is—hulle is veronderstel om hier te wees. Hulle was gister hier, ek het party van hulle op privaat onderhoud gehad, en hulle is hier. En buiten dit, is daar niemand waaraan ek kan dink nie.

191 Broer Dauch, wat hier sit, ek—ek ken hom. Dis 'n Duitse naam, Broer Dauch, ek—ek kan nie sê nie, dis *Dauchs*, of Dauch, of so-iets. Baie goeie broer van reg hier in Ohio, was 'n groot seën vir my.

192 En hierdie man wat reg hieragter sit, rooi das aan, wat net hier sit, *jy*, net hieronder, ken ek jou nie? Nee, die man reg agter jou, daar, ken ek jou nie? Ek—ek—ek het gedink ek het. Ek kan nie sy naam noem nie, maar ek—ek ken hom.

193 En nou die oggend, het die Heilige Gees my in die straat af gelei, ek het in die kamer ingegaan om ontbyt te kry, *Iets* het gesê: "Moenie gaan nie. Stap in die straat af."

194 Ek het in die straat begin afstap, en ek het gewonder: "Hoekom? Hoekom?" Het aangehou afstap in die straat, en ek

het twee dames op die hoek sien staan, ek het aangehou met stap, ek het gedink: "Vader, wat wil U hê moet ek doen?"

"Loop net verder."

En toe ek daar afgestap het, het hierdie dames omgedraai, en gesê: "Meneer, kan jy vir my sê waar daar 'n kruidenierswinkel is?"

Ek het gesê: "Nee, ek's 'n vreemdeling hier."

En hulle het rondgekyk, gesê: "Is jy nie Broer Branham nie?"

Ek het gedink: "Hier is dit."

195 Een vroutjie het baie hard gebid om my privaat te sien. Sy het uitgegaan op die hoek om te wag, God het haar soontoe gestuur, en God het my van my kamer af gestuur. Sy sit nou net hier, net *daar*. Sy het my vertel van iets waaroor sy privaat met my wou praat. Sien? Jy, enigste ding wat jy hoef te doen, is om die leiding van die Gees te volg. Hy werk aan albei kante van die lyn, laat dit net presies reg bymekaar kom. Sien? Net presies.

196 En as ek vir die mense van Jeffersonville sou sê: Ek—ek, wel, ek sou hulle nie noem as ek gesien het, tensy dit iets sou wees wat hulle sou . . . Ek sou hulle moes vertel of iets, maar gewoonlik, is dit die ander mense.

Bid julle almal nou, en glo met julle hele hart.

197 Nou, wat het een vrou . . .? Jesus het vir haar iets gesê wat verkeerd was met haar, en sy het ingegaan en vertel: en 'n hele stad het geglo in die Here, 'n hele geslag, 'n hele stam mense, het geglo dat Hy die Messias was.

198 Nou, ek is nie die Messias nie, julle weet dit. O, goeiste, ek's 'n sondaar gered uit genade, ek's 'n man, maar die Messias werk in mense. Nou, soos ek probeer het, julle te vertel, dat daar nie drie Gode is nie, enigiemand wat dit glo is 'n heiden. Daar's net een God, Hy woon in drie ampte. Die Vaderskap . . . O, mense het mal geword om dit te probeer bestudeer. Wel, dis so eenvoudig, God, die Vader, die Vaderbedeling, Seunskap, Heilige Gees, dieselfde God.

199 Nie drie Gode, Een genaamd Vader, en Een genaamd Seun, Een genaamd Heilige Gees nie. Ha! Jy dit glo, broer, beter jy aangaan by die Katolieke kerk, dis waar jy hoort, net presies, dis waar dit vandaan gekom het. Daar's nie so 'n lering in die Bybel nie, glad nie so-iets soos daardie nie, *drie-eenheid* word nie eers in die Bybel genoem nie, nie een keer nie.

200 Nou, ek's nie 'n . . . moenie . . . en ek sê . . . En party mense sê: "Hy's 'n *Jesus Only*," jy's verkeerd daar, ek sou nie daardie soort gees op my hê, daar, daardie dogmatiese, goddelose ding wat . . . nee, meneer. Ek's nie *Eenheid* nie, glad nie, ek's ook nie *Drie-eenheid* nie, ek's 'n Christen, ek glo in God. Ek glo in God gemanifesteer in drie ampte. Nou is Sy amp in my hart, in jou

hart, nie ’n ander God op ’n ander plek, ’n ander God op ’n ander plek, ’n ander God op ’n ander plek nie, dis so heidens as wat heidens kan wees. Nooit een keer is daaraan gedink tot die Niceense Raad nie, vind dit in die Bybel, of vind dit in die geskiedenis, tot daardie tyd, dis nie daar nie.

Gene, is jy die een wat hulle na my toe gaan bring? Goed, Broer.

201 Nou, as enigiemand hierbinne ’n vermoede het dat hierdie nie van God is nie, julle ’n beter stelsel het om hierdie mense te help, met alle goddelike vrees, en broederlike respek, sal ek gaan sit hieronder langs Broer Sullivan, kom na die platvorm toe, jy enigiets anders daaraan kan doen. Of as jy dieselfde ding wil kom doen, as jy dink dat ek van die duiwel is, en jy van God is, dan kan jy sekerlik hierdie oortref, kan jy die duiwel oortref as jy van God is, kom dan, neem die plek in. Nie dat ek Hy is nie, maar Hy is hier. Nou, maak nie saak wat, hoeveel Hy my sou salf nie, Hy moet julle op dieselfde manier salf.

202 Nou hier staan ’n vrou wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie, sy is ’n totale vreemdeling vir my, ek het haar nog nooit gesien nie, sy’s net ’n vrou wat daar staan. En ek veronderstel hierdie is die eerste keer wat ons ooit ontmoet, sover ek weet. Is dit reg? [Die suster sê: “Ja, meneer.”—Red.] Dit is reg. Nou, as hierdie ons eerste ontmoeting is, en ek sou my hande opsteek daarvoor. As ek jou ooit ontmoet het, ek . . . was dit iewers waar ek nie geweet het wie jy was nie, ons het in ’n straat verbygegaan, of jy het in ’n diens gesit, of so-iets, ek—ek sou jou op geen ander manier ken nie. Maar net om jou te ken, ken ek nie, en jy ken my nie, maar daar’s Iemand hier Wat wel albei van ons ken, dis reg, Iemand ken albei van ons. Nou gaan ons onsself vergeet en Hom deur my laat praat, en . . .

203 Nou, as ek hier opgekom, en gesê het: “Dame, jy’s siek. Halleluja! Prys God! Gaan word genees, jy’s genees. Gaan net.” Nou, dit sou in orde wees, as jy dit wil glo, jy word net genees deur geloof. Dis reg. So nou, jy kan ’n reg hê om dit te betwyfel, maar volgens die Skrif, wat ek julle gesê het dat ons in die eindtyd is, en daardie selfde God wat in menslike vlees gewoon het, geëet en gedrink het daar, wat ’n paar honderd jaar daarna gemanifesteer is in vlees, dieselfde God, want Hy het gekom vir Verlossing om Sy verlore kind te soek . . .

204 Toe God afgekom het in die tuin van Eden, waarom het Hy nie ’n Engel gestuur om na Adam te soek nie? Waarom het Hy nie een of ander Seun gestuur om na Adam te soek nie? Dit was Sy verlore kind, Hy het Self gekom. Dis waarom Jesus God was wat vlees geword het, Hy het gekom in menslike vlees om jou te verlos. Ek sou daaroor praat vanaand, as ek dit nie gisteraand klaar gekry het nie, *Die Bloedverwante Losser*, om te wys dat Hy was, mens moes wees. So, deur daardie Bloed, sonder

seks, daardie onvervalste, geskape Bloed van God, staan ek hier vanaand, met hierdie—hierdie uitdaging op my Bybel, wat voor 'n vrou staan, om te sê dat God Sy Woord hou, dis waar ons staan.

205 As God iets aan my sal openbaar wat jy weet dat ek . . . As—as daar enigiets van jou is, weet ek dit nie. Maar as Hy aan my sal openbaar, dan sal jy weet, en soos die vrou by die put van Samaria, gaan sê vir jou mense dat: "Kom sien 'n Man," nou nie Broer Branham nie, maar: "die Here Jesus wat in Sy Kerk is, wat Homself manifesteer, omdat hy vir my die dinge vertel het wat in my lewe is." Sou jy bereid wees om dit te doen?

Sou die kerk bereid wees om dit te doen?

206 Dit is eintlik nie vir jouself wat jy hier staan nie, dis vir iemand anders. As dit reg is, steek jou hand op. Sien? Hy weet wat in jou hart is. As God, dan, vir my sal beskryf, of my iets sal vertel van hierdie iets, of iemand, sal jy my glo? Die persoon, nie hier nie, hulle is in 'n sterwende toestand met kanker, en jy staan vir hulle. Is dit reg? Jy weet daardie sakdoek wat jy in jou hand het, daar? Neem dit vir hulle. En moenie twyfel nie. Sal jy dit nie betwyfel nie? [Die suster sê: "Nee."—Red.] Dan kan jy kry waarvoor jy vra. God seën jou. God seën jou.

Nou, glo die kerk? As julle kan glo! Dit skud sommige, dit skud ander nie. Niks . . .

207 Aangename kennis? As Jesus Christus, die Seun van God, aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, of vir wie jy is, of *so-iets*, sal jy weet of dit die waarheid is of nie, sal jy nie? Jy sal glo dat ek Sy dienskneg is, en ek jou die waarheid vertel op die Woord van God. Is jy gereed vir 'n skok? Jy's ernstig siek, geskadu tot die dood, duisternis oor jou, 'n kanker. Dis 'n longkanker wat deur jou stelsel gegaan het. Dit is waar. Kom hier. As die Gees van God wat die Bybel gemaak het . . . Die laaste opdrag wat ons Verlosser vir die Kerk gegee het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou, jy weet *Iets* het my gesalf, is dit reg? Wel dan, as ek hande op jou lê en daardie duiwel veroordeel, sal jy dit glo, dat dit van God af kom, die einste God wat van jou weet? Dan kan jy lewe.

208 Almagtige God, Skepper van hemele en aarde, Outeur van Ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, met hande gelê op die vrou, as die laaste opdrag gegee aan ons Here, of, deur ons Here, wat Sy Kerk moet doen, veroordeel ek hierdie dood wat oor die vrou hang, en laat haar lewe, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Nou, skryf vir my jou getuienis; glo met jou hele hart.

Aangename kennis? Glo jy God genees rektale probleme, ook? Goed, dis dan verby. Wat het jy toe aangeraak? Hom aangeraak.

209 Ek ken jou nie, God ken jou wel. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Ek probeer net om . . . Sien, die Engel van die Here (Het julle ooit my boek gelees?), toe hy my daardie aand ontmoet het, gesê het: “As jy die mense kry om jou te glo.” Glo my, wat? Dat ek die waarheid vertel het. Ek het die Bybelverhaal vertel, so dit moet waar wees. As die Here iets van jou aan my sal openbaar, sal jy glo dis . . .? Jy sal moet weet of dit waar is of nie. Jy ly aan ’n galblaasprobleem. Dis reg.

210 Hier kom dit. Net, ek net, lyk asof ek dit verwag: “Hy het dit geraai.” Ek het dit nie geraai nie, hou op om dit te dink. Ek . . . Maak julle nou skaam vir julself!

211 Ek weet nie wat Hy vir jou gesê het nie. Net ’n oomblik. Ja, hier is dit, dis onder die ribbes hier, dis galblaas, dis reg, veroorsaak siekte en krampe, en alles. Dis reg. Jy het ook spatare, jy ly aan ’n senuweetoestand, jy het komplikasies, so sê die dokter. Jou naam is Mev. Osborne. Gaan huis toe en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

212 Skaam julle! Hê geloof in God. Moenie twyfel nie. As julle kan glo, is alle dinge moontlik.

213 Die dame wat daar sit met haar hare opgekam soos *hierdie*, wat reguit na my kyk, daar’s iets, toe Dit hierdie vrou getref het, daardie vrou ook getref, en ek het rondgekyk, ek het die Lig oor haar gesien, ek weet nie. Daar’s iets verkeerd met daardie vrou, wat pas die platvorm verlaat het, is die probleem met daardie vrou, ook. Jy ly, is jy nie, suster, siek nie? Ja, ek sien dit nou. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy het galblaasprobleme. As dit reg is, steek jou hand op. Goed, jy’s genees, Jesus Christus maak jou gesond.

Glo jy?

214 As jy wil glo dat ek Sy dienskneg is: dit het jou vriend getref wat daar so na aan jou sit, dit het haar ook genees van ’n borsprobleem wat sy gehad het. Huh! Glo jy dit dame? Aanvaar jy dit? Steek jou hand op as jy dit doen. Goed. Gaan huis toe in geloof, jy kan gesond gemaak word. Ek vra julle net om te glo, dis al.

Hy’s in die gehoor.

215 Sien julle hierdie dametjie wat hier sit en bid met haar hele hart? Sy bid nie vir haarself nie, sy bid vir ’n—’n suster wat kanker het. Ja. Soort van ’n vreemde gevoel, was dit nie? Goed. Nou gaan, glo. Dis alles reg.

216 *Hmm!* Vreemd, ’n ander vrou het langs Hom verskyn, Hy’s reg agter haar daar, besig om te bid vir dieselfde ding. Glo jy ook, Suster, jy kan joune kry.

217 O, sê my wat hulle aangeraak het? Hoe? Hulle is twintig voet van my af, of dertig, hoe kan hulle my aanraak? Hulle het my nooit aangeraak nie, maar hulle het die Hoëpriester, Jesus

Christus, aangeraak, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

218 Ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. As die Here Jesus iets aan my sal openbaar. . .Jy besef jy's in Sy Teenwoordigheid, een ding verkeerd, jy kan dood neerval daarvan, jy weet dit. Dis reg. Gaan jy met jou hele hart glo? Jou probleem is in jou rug. Dis reg. 'n Nier uit lyn uit. Dis reg. Glo jy jy gaan genees word? Mev. Combs, jy kan huis toe gaan, en gesond wees. Bid vir daardie vrou, daar, uh-huh. Dis jou geloof.

219 Ek ken jou nie. O, wat—wat—wat as dit. . .? O, wel. Dink jy jou moeder sal uit daardie beroerte kom, en reg wees? Goed. Gaan, glo dit, jy kan gesond gemaak word. God seën jou.

220 Kan God kanker genees, en jou gesond maak? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Goed. Gaan, glo dit met jou hele hart, en word gesond gemaak. As jy kan glo!

Kom, dame. Daar's omtrent tagtig persent van hierdie gehoor wat aan dieselfde ding ly, dame. Laat ek jou wys.

Almal van julle daarbuite wat gepla word met senuweeagtigheid, steek julle hande op, almal.

221 Sien? Dis jou probleem. Kom in elk geval omtrent hierdie tyd van die lewe in, maar jy was senuweeagtig vir 'n lang tyd. Glo jy jy's nou daaroor? Gaan en dank die Here. Sê: "Dankie, Here Jesus."

Kan God jou rug genees, en jou gesond maak? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Goed. Gaan glo dit dan net, met jou hele hart.

Ek sien jou probleem, maar dis nie wat dit is nie, jy's so senuweeagtig dat jy nie weet hoe om jouself te beheer nie. Gaan, glo, dit sal alles reg wees.

222 Daardie. . .hierdie selfde dame hier wat 'n senuweeprobleem gehad het, sy het ander probleme, komplikasies, maar sy wil eintlik hê ek moet bid vir senuwees. Is dit reg? Glo dit, en gaan word gesond gemaak. Glo net met jou hele hart.

223 Ek ken jou nie, ken ek? Glo jy God sal daardie vroulike probleem genees wat jy het, jou gesond maak? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Gaan dan, glo, hê geloof.

Glo julle daarbuite, elkeen van julle? Het geloof?

224 Daardie dame wat net daar sit, het ook vroueprobleme, waarvoor sy bid. Dis reg. Dame, soort van, wat iets oor jou skoot het. Dis reg. Jy, jy! Omgekyk na die volgende vrou. Glo! Nee, net hier, jy wat jou hand het wat *so* agtertoe lê, glo met jou hele hart. Gaan huis toe, ja, meneer, en word gesond gemaak. Jesus Christus genees.

225 Wat dink jy, daarbuite wat bid vir jou vrou wat afvallig geraak het? Jy dink sy sal terugkom huis toe, en wees. . .Staan

op jou voete. Goed. Ek gee haar terug vir jou, in die Naam van Jesus Christus.

Gaan, glo, Suster, word gesond gemaak. Jesus Christus genees jou, en maak jou gesond.

226 Nou, dis omtrent hoe sy ook uit 'n bed in 'n oggend moet kom. Uh-huh. Dis artritis, maar God kan artritis genees, kan Hy nie? Goed, as jy . . . Wel, gaan glo Hom dan net. Gaan net, sê: "Dankie, Here." Glo Hom.

227 Wat as ek nie eens een ding vir jou gesê het nie, net gesê het . . . my hande op jou gelê het, glo jy jy sou gesond word? Kom dan verby. God seën jou. Gaan, ontvang dit, Suster, in die Naam van Jesus.

228 Nou, hier kom dit weer, nog 'n senuweetoestand. Dis reg. Hoeveel in die gehoor daarbuite, jou hele hart, met alles wat in jou is, en jy glo met al die krag wat jy het dat God 'n Geneser van senuweeagtigheid is? Steek julle hande op soos *daardie*. As Hy hierdie vrou hier kan genees . . . Nou, daardeur . . .

229 Kom 'n oomblik hier. Um-hum, jy het ook ander klein probleempies, het jy nie? Vroulik. Sien hoe ek dit kon sê? Om jou iets te wys, kyk hier, wanneer jy jou hand op myne sit, kyk hier, sien my hand? Sien hoe normaal dit lyk, soos enige man se hand? Nou, sit hierdie hand hier op. Nou, kyk daarna. Sien hoe dit opswel, en daardie klein wit goedjies loop daaroor? Nou, kyk, neem hierdie ander hand hier oorkant en sit dit daarop. Doen dit nie op daardie een nie, doen dit? Doen dit nie op daardie een nie. Wel, waarom sal dit dit dan net op hierdie een doen? Dit was die eerste gawe wat vir my gegee is, sien, dis jou kontak, jou regterhand met my linkerkant, jy belowe jou geloof, dat jy glo wat ek vir jou sê. Ek neem jou linkerhand, en lig myne op na God, my linker is op my hart. Sien?

230 Nou, jy sien iets gebeur, wys fisies wat verkeerd is daar. Is dit nie reg nie? Nou, as jy, dis reg, sê jy dit vir die mense. Is dit . . .?

Kyk wanneer sy hier kyk. Kyk self na my hand.

231 Nou haal jou hand daarvan af. Nou neem hierdie ander hand, sit daarop. Doen dit nie daar nie. Jy's net so menslik in *hierdie* hand as wat jy in *hierdie* hand is. Sien? Nou dan, sien jy daar's iets fisies wat wys, wat salwing is, dis deur 'n belofte.

232 Nou kom jy hiernatoe, hou nou my hand dop. Glo jy nou, met jou hele hart? Ek sal my hand net hier lê sodat jy dit sal sien. Dis nie jy . . . Sien, dis nie die posisie waarin ek my hand hou, waar dit ook al is nie, net dieselfde. Nou, as dit weggaan, as dit terugkom soos hierdie ander hand, wel dan sal dit wees . . . sal jy weet iets het gebeur, sal jy?

233 Nou, ek weet nie of julle dit kan sien of nie, soos sy haar hande op myne sit, swel op, en klein wit goedjies wat gaan: "*Rrrr, rrrr, rrrr*." Sy besef nie, sy weet sy het 'n vroulike probleem, maar

sy weet nie wat dit is nie. Sien? Dis ’n gewas. Sien? Nou, daar is dit, beweeg. Sy het probleme daar gehad. Nou, nou kyk, ek sal my hand van haar afhaal, kyk nou na my hand. Nou, laat haar hierdie ander hand *hier* neem en daardie hand opsit. Glad nie enige verskil nie. Sien? *Hierdie* een wys dit nie, *hierdie* een wys. Is dit reg, dame? Jy is hier om daarna te kyk. [Die suster sê: “Dit doen dit, ja, meneer.”—Red.] Sien? Wit goedjies wat oor my hand loop, gaan: “*Rrrr*, *rrrr*, *rrrr*.”

234 Wat is dit? Dis ’n lewe binne-in haar wat nie daar hoort nie. Nou, die dokter noem dit *gewas*, *kanker*, sovoorts soos daardie, maar Jesus het dit ’n *duiwel* genoem. Wat? Dis ’n lewe. Wat is sy? Sy’s ’n lewe, ’n vermeerdering van selle. Wat is ’n gewas? Vermeerdering van selle. Wat is ’n kanker? Vermeerdering van selle. Wat is ’n katarak? Vermeerdering van selle. Sien, dis ’n lewe daarbinne. Dis die salwing hier nou van Ewige Lewe, en daar’s ’n Lewe hier wat Ewige Lewe is, en daar’s ’n lewe daar wat dood is. Sien? So dis die verskil.

235 Die vrou is ’n gelowige. Sien? Sy’s senuweeagtig, was ’n lang tyd so, veral vanaf menopouse, het astigmatisme in haar oë, sy kry duiseligheid. O, goeiste, dis maklik. Sien? Maar die ding daarvan is, is kyk nou, en sien. Nou, ek kan dit nie laat weggaan nie, of, ek kan dit nie laat wegbly nie.

236 Nou, ek wil net my hand ophou sodat julle kan sien waarvan ek ’n rukkie gelede gepraat het, dit waar is. Kan jy my hoor? Ek gaan my hand hier hou, en net die vrou laat bid en kyk of dit weggaan. Bid net, sê: “Here, help my.” Nou, sy bid. Sien? Nou, laat sy self kyk, ek het nie na my hand gekyk nie. Steeds daar. Sien? Nou, sal ek bid:

237 Vader God, hoor my gebed, ek bid vir hierdie vrou dat U haar sal help, volgens haar geloof. Amen.

238 Het nie beweeg nie, het dit? Steeds daar. Nou, ek gaan nie beweeg nie, hou jy net my hand dop. Nou, wys jou net wat Hy gesê het, gaan seker maak dit is nou Hy. Nou, wat het Hy vir my gesê? Hy het my dit belowe. Ek kan dit nie van haar laat wegbly nie, maar as sy dit sien weggaan sal sy . . . Nou, ek wil hê jy moet my hand dophou. Jy, hou my hand dop.

239 Almagtige God, nie om ’n vertoning hier te maak nie, maar hierdie sal waarskynlik my laaste keer in hierdie stad wees. Ek bid U, Here, om Uself bekend te maak, dat ek die waarheid vir hierdie mense vertel het, hulle hou my hand dop, die vrou, ook. Maar U Woorde is so waar. Partymaal wanneer ’n bietjie moeg is, ’n verbouereerdheid verhinder . . . Maar U belofte bly steeds waar: “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.” Nou, U het dit belowe, U het dit aan my bevestig deur ’n Engel daardie aand by Green se Meul, wat in daardie hut gestaan het.

240 Satan, jy kan haar nie langer vashou nie, kom uit haar uit, in die Naam van Jesus Christus.

241 Nou laat die dame dit beoordeel, dit weg is. Is dit weg, dame? [Die suster sê: "Absoluut."—Red.] Ek het nog nooit my hand beweeg nie, nou kyk, weg. Sit jou ander hand daarop. Nie daar nie, is dit? Jy's genees.

242 Sien wat ek bedoel? Glo julle? Nou, hoeveel gelowiges is hier? Steek jou hand op. Het die Bybel dit nie verklaar nie? Het God nie dieselfde met die Saad van Abraham gedoen as wat Hy met Abraham gedoen het nie? Is dieselfde Engel nie wat Abraham ontmoet het op—op, net op die ouderdom van Sodom, voor dit vernietig is, is dit nie dieselfde werke hier, wat Hy vanaand doen nie? Is dit dieselfde? Is dit? Glo julle dit? Is julle Abraham se Saad? God het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

243 Hoeveel daarbuite is siek? Steek julle hande op. Hoeveel sit langs hulle wat 'n gelowige is? Sit julle hande oorkant op mekaar. Dis al, lê net jou hande op, dis al wat jy hoef te doen. Dis . . .

244 Sê net, jy sê: "Wel, Broer Branham, ek—ek wil gedoop word." Ek sal jou net doop, dis al, dan word jy gedoop. Is dit reg? Dan is jy 'n Christen. Wel dan, as jy sê: "Wel, Broer Branham, bekeer, en word gedoop." Dis wat die Bybel gesê het: "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel, hy wat glo, *en* gedoop word, sal gered word." Is dit reg? Wel dan, as jy glo, en gedoop word, het die Bybel gesê, is jy gered. Is dit reg?

Wat is die orde van doop? Hulle net onder die water sit, hulle weer boontoe bring, gedoop.

Wat is die orde, dan, vir siekes? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

"As Broer Branham sy hande lê?"

Hy het nooit gesê: "Broer Branham" nie, Hy het gesê: "wie ook al."

245 So sal hierdie tekens *hulle* wat geglo het, volg. Jy's 'n gelowige, dieselfde as wat ek is, jy het dieselfde regte om jou hand op enigiemand te lê as wat ek het. Elkeen van julle predikers, hierdie pastore, enigiemand anders, hulle het die reg om dit te doen. Glo jy dit? Dan wil ek hê julle moet hande op mekaar lê, julle hoofde buig, moenie nou vir jouself bid nie, bid jy vir die volgende persoon waarop jy jou hande het, want hulle bid vir jou. Julle glo dit met julle hele hart. Ek vertrou julle toe aan Jesus Christus, soos ek bid vir hierdie doekies hier en sakdoeke.

246 Hemelse Vader, hierdie sakdoeke wat vir my gebring is, die mense glo net soos hulle het in die dae van Paulus. Hulle het Paulus daardie visioene sien kry, en hulle het geweet dat hy—hy deur God gestuur is; hierdie mense glo dieselfde ding. Nou Here, U is dieselfde God vir ons, want Abraham was die vader van baie nasies. En hulle het van Paulus se liggaam afgebring, sakdoeke,

voorskote, en hulle is geneem na die siekes en die beproefdes, en duiwels het uit die mense uitgegaan, onrein geeste, siektes is genees. Nou, bestraf ek elke duiwel . . .

61-0318 Abraham Se Verbond Bevestig
Nasionale Wagte Arsenaal
Middletown, Ohio V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org